Kerk

PRYS 1/3

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1948

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

42ste JAARGANG

W.P.—58538—19/7/47

UNIVERSITEIT VAN DIE
WITWATERSRAND
JOHANNESBURG

*

Die Universiteit bied Graadkursusse aan in die volgende Fakulteite:

LETTERE
NATUURWETENSKAPPE
MEDISYNE
INGENIEURSWESE
HANDEL
REGSGELEERDHEID
TANDHEELKUNDE
BOUKUNDE

asook verskeie Diplomakursusse.

*

Voorlopige aansoek om toelating tot die Universiteit moet gedoen word voor 15 Desember. Die nodige aansoekvorm is verkrygbaar van die Registrateur.

VIR INLIGTING
SKRYF AAN
DIE REGISTRATEUR
MILNERPARK,
JOHANNESBURG.

ALMANAK

VAN DIE

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1948

Hoof-Redakteur: Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT
Onder-Redakteur: Ds. J. J. PRINSLOO, Gsn.
Redakteur van statistieke: Mnr. J. H. H. JANSON

42ste JAARGANG

Die tye van sonop- en ondergang wat in die Almanak aangegee word is op die Standaard-Meridiaan (30°) en breedtegraad -26°. Dit is bereken vir 26° Suid, wat ooreenkom met 'n lyn wat *deur* Lourenco Marques en halfpad tussen Pretoria en Johannesburg loop. Die standaard-meridiaan (30°) loop naasteby deur Ermelo. Vier minute moet toegevoeg word vir elke graad wat 'n plek ten weste van 30° geleë is, en 4 minute afgetrek word vir elke graad wat dit ten ooste van 30° lê.

VERDUISTERINGS 1948.

I. 'n Gedeeltelike maansverduistering op 23 April — baie klein en nie in Afrika sigbaar nie.

II. 'n Ringvormige sonsverduistering op 8-9 Mei. Nie in Afrika sigbaar nie.

III. Totale sonsverduistering op 1 November. In die Unie as gedeeltelike sonsverduistering sigbaar. Die tyd van aanvang, grootste fase en einde is vir Kaapstad 6.34, 7.07 en 7.41 vm. Johannesburg, 6.10, 6.56 en 7.47 vm. By die grootste fase sal 17 persent van die son se deursnee verduister wees in Kaapstad en 38 persent in Johannesburg.

Die smal strook waarin die totale verduistering voorkom begin in Sentraal-Afrika, loop deur Entebbe, Kisumu, Nairobi, deur die Indiese Oseaan, noord van Madagaskar, suid van Australië, en eindig naby Nieu-Zeeland.

FEES EN VAKANSIEDAE 1948.

Eerste Lydensweek	Sondag, 8 Februarie
Tweede Lydensweek	Sondag, 15 Februarie
Derde Lydensweek	Sondag, 22 Februarie
Vierde Lydensweek	Sondag, 29 Februarie
Vyfde Lydensweek	Sondag, 7 Maart
Sesde Lydensweek	Sondag, 14 Maart
Sewende Lydensweek	Sondag, 21 Maart
Goeie Vrydag	Vrydag, 26 Maart
Paasdag	Sondag, 28 Maart
Tweede Paasdag	Maandag, 29 Maart
Biddag vir die Oes	Sondag, 11 April
Hemelvaartsdag	Donderdag, 6 Mei
Ryksdag	Maandag, 24 Mei
Uniedag	Maandag, 31 Mei
Koningsverjaarsdag	Maandag 2 Augustus
Boomplantdag	Maandag, 4 Oktober
Dankdag vir die Gesaaides	Sondag, 10 Oktober
Dingaansdag	Donderdag, 16 Desember
Kersdag	Saterdag, 25 Desember
Tweede Kersdag	Maandag, 27 Desember

JAARGETYE 1948.

Najaar 20 Maart om 7 nm.
Winter 21 Junie om 2 nm.
Lente 23 September om 5 vm.
Somer 22 Desember om 1 vm.

INHOUD.

	Bls.
Fees- en Vakansiedae	2
Voorberig	4
Historiese Kalender	5
Die Onsienlike Sien — Ds. Joh. Dreyer	17
Vergewensgesindheid — Ds. A. Oosthuizen	23
'n Ned. Bybel uit die jaar 1541 — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	27
Die verhouding van Jesus tot sy Disiepels — Ds. F. J. Z. Booysen	34
Chr. L. Engelbrecht en M. C. du Plessis	39
Die Ou Doopvont van Potchefstroom — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	41
Die Broodskottel van die ou Nagmaalservies Rustenb. — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	43
Die Nagmaalservies van die Dorslandtrekkers — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	45
Ouderlinge en Diakens van die Ned. Herv. Kerk — Ds. L. M. le Roux	46
Dr. K. H. E. Gravemeyer — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	51
Tobias Johannes Mulder	53
Die Belydenisskrifte van Ons Kerk — Ds. G. J. J. Roos	54
Sya Jacoba v. d. Hoff — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	59
Pieter van der Hoff — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	62
J. H. Scheffer en H. M. Visser	63
Nico J. Campher en Eggenote — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	65
Die Kerklike Tug — Ds. A. Oosthuizen	68
Die Presidentsverkiezing in 1893 — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	70
Het Communisme — Ds. H. Bakker	74
Die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Kerklike Kommissies	85
Vroeëre Predikante sedert 1853	87
Diensdoende Predikante op 31 Oktober 1947	89
Teol. Fakulteit, Pretoria, Afd. A	91
Ringe en Gemeentes	91
Ned. Herv. Sustersvereniging	129
Statistiek	133

VOORBERIG.

Met die verskyning van die twee-en-veertigste jaargang van ons Kerkalmanak wil ek al die lesers en al die lede van ons Kerk 'n hartlike groet stuur en 'n seënbede toewens. In die afgelope jaar het God ons ryklik geseën. Spannings is opgehef, en bedreigings is afgewend. Daar is oneindig veel om dankbaar voor te wees.

Oor 'n paar maande kom die Algemene Kerkvergadering weer saam. Mag dit tog goed besef en goed voor oë gehou word dat dit 'n vergadering is wat in die eerste plek met geestelike sake moet besig hou, dinge aangaande die Koninkryk Gods. Laat daar gewaak word dat hierdie hoogste vergadering van ons Kerk nie in 'n administratiewe of bloot bestuursliggaam ontaard ne. Ek hoop vuriglik dat die Algemene Vergadering sal begin om saam aan die avondsmaalstafel die dood van die Heer te gedink. Laat ons die Algemene Vergadering in onse gebede nie vergeet nie, ook nie vanaf die kansels nie. En laat ons besef dat as vooraf allerhande kommissies saamgestel word en gekoukus word, daar gehandel word uit 'n gees wat nie uit God is nie. Laat ons die Heilige Gees nie bedroef nie, maar eendragtiglik bid en werk vir die koms van die koninkryk van God en die opbou van die Liggaam van Christus.

S. P. ENGELBRECHT.

JANUARIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 3de, 1.12 nm. Nuwe Maan, 11de, 9.44 vm. Eerste Kwartier, 19de, 1.32 nm. Volle Maan, 26ste, 9.11 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	Verskyning van die Almanak, 1907.	5 18	7 03
V	2	Oorgawe van Jameson, 1896.	5 19	7 03
S	3	Ds. P. J. L. Bierman op Gwelo georden, 1937.	5 19	7 03
S	4	Kommando teen Dingaan, 1840.	5 20	7 03
M	5		5 21	7 04
D	6	Inswering van Pres. M. W. Pretorius, 1857. Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857.	5 22	7 04
W	7	Ds. L. E. Brandt te Niezyl georden, 1901. Ds. H. W. Grey te Newlands georden, 1939.	5 23	7 04
D	8	Dr. J. J. Strydom op Zwartruggens georden, 1932. Ds. J. G. M. Dreyer te Potchefstroom bevestig, 1938.	5 23	7 04
V	9	Ds. D. P. Ackerman te Wakkerstroom bevestig, 1875. Ds. P. v. Drimmelen te Pietersburg bevestig, 1915. Ds. S. Vermooten te Pretoria bevestig, 1926.	5 24	7 04
S	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859.	5 25	7 04
S	11	Ds. A. J. Barger te Bovensmilde georden, 1914.	5 26	7 04
M	12	Ds. J. J. Kuhn te Zwartruggens bevestig, 1916.	5 26	7 04
D	13		5 19	6 58
W	14	Die Kerk van Wolmaransstad ingewy, 1911.	5 28	7 04
D	15		5 28	7 04
V	16		5 29	7 04
S	17	Sandrivier Konvensie, 1852. Ds. P. J. J. Venter te Klerksdorp bevestig, 1930.	5 30	7 04
S	18	Ds. J. J. Engelbrecht te Zwartruggens bevestig, 1941. Eerste Gekomb, Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746.	5 30	7 04
M	19	Die Kaap 'n Engelse Kolonie, 1815.	5 31	7 03
D	20	Generaal P. J. Joubert gebore, 1831.	5 25	6 57
W	21	Die Gemeente Rustenburg gestig, 1850. Dr. H. C. M. Fourie te Erasmus georden, 1911.	5 33	7 03
D	22	Dr. C. H. Rautenbach te Erasmus georden, 1927. Ds. A. Brandt te Rensburgrust bevestig, 1938.	5 33	7 03
V	23	Slag by Spioenkop, 1900.	5 34	7 03
S	24	Ds. J. J. Prinsloo te Krugersdorp bevestig, 1920.	5 35	7 03
S	25		5 35	7 03
M	26		5 36	7 02
D	27	Ds. A. J. Begemann te Pretoria bevestig, 1861.	5 37	7 02
W	28	Slag van Laingsnek, 1881.	5 38	7 02
D	29	Ds. A. J. Barger te Ooslonden bevestig, 1938.	5 38	7 02
V	30	Die Holl. taal in die Kaapse Geregshowe belet, 1824.	5 39	7 01
S	31		5 40	7 01

Inligtings oor Maansveranderings verkry van S.M. Skeepsalmanakkantoor.

FEBRUARIE, 28 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 2de, 2.31nm. Nuwe Maan, 10de, 5.02 vm. Eerste Kwartier, 18de, 3.55 vm. Volle Maan, 24de, 7.15 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Die Kerk van Endracht ingewy, 1919.	5 41	7 0
M	2	Ds. D. J. v. Staden op Newlands geordeen, 1936.	5 42	7 00
D	3	Generaal C. de Wet oorlede, 1922. Ds. D. J. v. Staden te Randpoort bevestig, 1940. Ds. A. Lagerwey op Heidelberg bevestig, 1895.	5 43	6 59
W	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838.	5 44	6 58
D	5	Dr. H. P. Wolmarans te Pietersburg bevestig, 1927. Die Kerk van Heilbron ingewy, 1916.	5 44	6 58
V	6	Ds. J. J. Kuhn oorlede, 1937.	5 45	6 57
S	7		5 46	6 57
S	8	Ds. C. H. v. H. Steenekamp te Zeerust bevestig, 1936.	5 47	6 56
M	9	Ds. F. J. Z. Booysen op Wolmaransstad bevestig, 1935.	5 47	6 55
D	10	Generaal de Wet trek Kaapkolonie binne, 1901.	5 48	6 55
W	11	Ds. M. J. Goddefroy te Lage-Zwaluwe geordeen, 1877.	5 49	6 54
D	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932.	5 49	6 53
V	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858.	5 50	6 52
S	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840. Ds. G. J. Roos te Pietersburg geordeen, 1942; bevestig te Duiwelskloof, 1943.	5 51	6 52
S	15		5 52	6 51
M	16	Ds. L. E. Brandt te Johannesburg bevestig, 1908.	5 52	6 50
D	17	Voortrekkerslaer by Moordspruit uitgemoor, 1838.	5 53	6 49
W	18	Martin Luther oorlede, 1546.	5 54	6 48
D	19		5 54	6 48
V	20	Die Gemeente Ventersdorp gestig, 1892.	5 55	6 47
S	21	Holland herneem besit van die Kaap, 1803.	5 56	6 46
S	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857. Ds. P. Smit te Losberg geordeen, 1930.	5 56	6 45
M	23	Die Vierkleur te Pretoria gehys, 1857. Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842.	5 57	6 45
D	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866.	5 58	6 44
W	25	Ds. Jac. v. Belkum te Varik geordeen, 1877. Die Kerk van Pretoria ingewy, 1905.	5 59	6 43
D	26		5 59	6 42
V	27	Amajuba 1881. Die Gem. Johannesburg gestig, 1895. Ds. W. J. Kemp op Louis Trichardt geordeen, 1932.	5 52	6 33
S	28	Ds. P. W. v. Drimmelen in Humpata oorlede, 1919.	6 00	6 41
S	29		6 01	6 40

MAART, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 2de, 6.35 nm. Nuwe Maan, 10de, 11.15 nm. Eerste Kwartier, 18de, 2.27 nm. Volle Maan, 25de, 5.10 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
M	1	Ds. J. J. Prinsloo, Gz., te Johannesburg geordeen, 1930.	6 01	6 39
D	2		6 02	6 39
W	3		6 03	6 37
D	4	Inswering van President Steyn, 1896.	6 03	6 36
V	5	Hoeksteen van die Kerk van Ermelo gelê, 1910.	6 04	6 35
S	6	Die Gemeente Oos-Londen gestig, 1937.	6 05	6 34
S	7	Ds. P. W. van Drimmelen te Zeerust geordeen, 1907.	6 05	6 33
M	8		6 06	6 32
D	9	Slagtersnek, 1816.	6 06	6 31
W	10	Ds. P. W. Venter op Durban bevestig, 1935.	6 07	6 30
D	11	Lydenburg skei af, 1857.	6 07	6 29
V	12	Oudl. A. H. Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920.	6 08	6 29
S	13	Ds. J. J. Engelbrecht op Louis Trichardt geordeen, 1937.	6 08	6 28
S	14		6 09	6 27
M	15		6 09	6 26
D	16		6 09	6 25
W	17		6 10	6 24
D	18	Sandrivier Konvensie op Rustenburg bekragtig, 1852.	6 10	6 23
V	19		6 11	6 22
S	20	Ouderl. A. Rocher van Ventersdorp oorlede, 1912. Die Gemeente Bloemfontein-Noord gestig, 1937.	6 11	6 20
S	21	Ds. A. J. G. Oosthuizen te Germiston geordeen, 1924.	6 12	6 19
M	22	Ds. H. J. Geyser te Roodepoort geordeen, 1940.	6 12	6 18
D	23	Afkondiging van die vrede op Pretoria, 1881.	6 13	6 17
W	24		6 13	6 16
D	25	Ds. A. Brandt op Johannesburg geordeen, 1936. Die Kerk te Potgietersrust ingewy, 1924.	6 14	6 15
V	26	Ds. M. J. Goddefroy te Middelburg bevestig, 1905. Eerste Kerkviering Herv. Gem. Potchefstroom, 1942.	6 14	6 14
S	27	Generaal P. J. Joubert oorlede, 1900. Ds. W. M. Wolmarans op Dullstroom geordeen, 1937.	6 14	6 12
S	28	Die Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913.	6 15	6 10
M	29	Ds. Jac. P. van den Berg te Nylstroom bevestig, 1930.	6 15	6 10
D	30	Hoeksteen van Kerk te Johannesburg gelê, 1935.	6 16	6 09
W	31	Ds. J. D. Storm op Zwartruggens geordeen, 1934.	6 16	5 08

APRIL, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 1ste, 12.25 nm. Nuwe Maan, 9de, 3.16 nm. Eerste Kwartier, 16ste, 9.42 nm. Volle Maan, 23de, 3.28 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917. Dr. J. H. Greyvenstein Hoogl. te Pretoria, 1917. Dr. S. P. Engelbrecht Hoogl. te Pretoria, 1921.	6 17	6 07
V	2	Ds. W. P. J. Poën te Potchefstroom, bevestig, 1926. Ds. D. J. van Staden te Delarey bevestig, 1938. Ds. W. van Bergen te Volksrust georden, 1939.	6 17	5 06
S	3		6 18	6 05
S	4		6 18	6 04
M	5		6 18	6 03
D	6	Aank. van Riebeeck in Tafelbaai 1652; Gemeente Chrissiesmeer gest., 1892.	6 19	6 02
W	7	Die Kerk van Nylstroom ingewy, 1922.	6 19	6 01
D	8	Ds. L. E. Brandt te Pietersburg bevestig, 1904.	6 20	6 00
V	9	Ds. P. W. A. Bierman te Makwassie georden, 1938. Ds. C. H. Muller te Pietersburg georden, 1938. Ds. P. J. Booysen te Zwartruggens georden, 1938.	6 20	5 59
S	10	Ds. J. J. Prinsloo te Standerton bevestig, 1919.	6 21	5 58
S	11	Die Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913.	6 21	5 57
M	12	Die eerste Anneksasie van Transvaal, 1877.	6 22	5 56
D	13	Oud. M. J. Prinsloo van Witfontein oorlede, 1892.	6 22	5 55
W	14	Ds. P. W. Venter te Volksrust georden, 1929.	6 23	5 54
D	15	Hoeksteen van die ou Kerk van Ventersdorp gelê, 1893.	6 23	5 53
V	16	Ds. A. J. Nolte te Middelburg georden, 1938. Ds. J. D. Storm te Wolmaransstad bevestig, 1938.	6 24	5 53
S	17	Ds. M. J. Goddefroy emeritus, 1917.	6 24	5 52
S	18	Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851.	6 25	5 51
M	19	Ds. T. F. J. Dreyer te Standerton georden, 1924. Ds. J. P. Labuschagne te Witpoort georden 1940.	6 25	5 50
D	20	Hoekst. van die Kerk op Chrissiesmeer gelê, 1892. Ds. G. W. Smits te Rustenburg bevestig, 1861.	6 26	5 49
W	21	Ds. N. J. van Warmelo oorlede, 1892. Ds. W. J. Kemp bevestig te Nylstroom, 1936. Eerste Kerk van Middelburg ingewy, 1876. Ds. S. J. Strydom te Makwassie bevestig, 1919.	6 26	5 48
D	22	Ds. J. J. Prinsloo te Rustenburg bevestig, 1922. Ds. F. J. Z. Booysen te Trichardsfntn. georden, '32	6 27	5 47
V	23	Die Kerkraad Witfontein wil nie verenig nie, 1886. Ds. J. C. du Plessis op Germiston georden, 1937.	6 27	5 47
S	24	Oud F. G. Wolmarans van Potchefstroom oorlede, 1872.	6 28	5 46
S	25	Protes van die Hervormers te Spiers, 1529—vandaar Protestante.	6 28	5 45
M	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851. Gemeente Wolmaransstad gestig, 1892.	6 29	5 44
D	27		6 29	5 43
W	28	Ds. J. P. v. d. Berg te Makwassie bevestig, 1934.	6 30	5 42
D	29	Tweede Dorsland-trek, 1875.	6 30	5 41
V	30	Prinses Juliana van Nederland gebore, 1909.	6 31	5 40

MEI, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier, 1ste, 6.48 nm. Nuwe Maan, 9de, 4.30 nm. First Kwartier, 16ste, 2.55 nm. Volle Maan, 23de, 2.37 vm. Laaste Kwartier, 31ste, 12.43 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1	Die Gemeente van Ermelo gestig, 1909.	6 31	5 40
S	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882. Ds. G. P. J. Grobler op Potgietersrust bevestig, 1936.	6 32	5 39
M	3	Dr. J. H. Greyvenstein te Pretoria bevestig, 1914. Ds. J. G. M. Dreyer te Dullstroom bevestig, 1924.	6 32	5 38
D	4	Ds. A. R. Smit Hulpprediker te Pretoria, 1929.	6 33	5 37
W	5	Ds. A. J. Barger te Johannesburg bevestig, 1918. Ds. A. J. Barger oorlede, 1940.	6 33	5 36
D	6	Dr. H. P. Wolmarans op Boksburg bevestig, 1937.	6 34	5 36
V	7	Ds. G. W. Smits in Den Haag georden, 1860. Ds. J. J. Kuhn te Krugersdorp bevestig, 1909.	6 34	5 35
S	8	Prof. Dr. P. J. Muller te Pretoria bevestig, 1904. Die Gemeente Memel gestig, 1915. Ds. L. M. le Roux te Turffontein bevestig, 1943.	6 35	5 34
S	9	Stigting van die Gemeente Zoekmekaar, 1931. Ds. P. W. Venter bevestig te Krugersdorp, 1943. Paul Kruger ingesweer as Staatspresident, 1883.	6 35	5 33
M	10	Duitsland val Holland in, 1940.	6 36	5 33
D	11	Die Kerk van Witbank ingewy, 1929.	6 36	5 32
W	12	Eerste Avondmaalsviering aan die Kaap, 1652.	6 37	5 32
D	13		6 38	5 31
V	14		6 38	5 31
S	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909. Die Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925.	6 39	5 30
S	16	Gemeente Losberg gestig, 1925.	6 39	5 30
M	17		6 40	5 29
D	18		6 40	5 29
W	19		6 41	5 28
D	20	Inwyding van die Kerk van Delmas, 1933.	6 41	5 27
V	21	Ds. G. E. Alers te Germiston bevestig, 1921.	6 42	5 27
S	22		6 42	5 26
S	23	Stigting Gemeente Bothaville, 1936.	6 43	5 26
M	24		6 43	5 25
D	25	Dr. C. H. Rautenbach te Pretoria bevestig, 1930.	6 44	5 25
W	26		6 44	5 24
D	27	Aankoms van Ds. v. d. Hoff te Potchefstroom, 1853. Ds. M. M. Grobler te Brakpan bevestig, 1928.	6 45	5 24
V	28	Ds. P. S. Grobler te Krugersdorp georden, 1922. Ds. F. J. van Zyl te Johannesburg georden, 1939. Ds. G. W. Smits oorlede, 1894.	6 45	5 24
S	29	Dr. S. P. Engelbrecht georden, 1921. Eerste Uniale Ministerie gevorm, 1910.	6 46	5 24
S	30	Ds. E. S. Mulder te Zwartruggens georden, 1930.	6 46	5 23
M	31		6 47	5 23

JUNIE, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 7de, 2.35 nm. Eerste Kwartier, 14de, 7.40 vm. Volle Maan, 21ste, 2.54 nm. Laaste Kwartier, 29ste, 5.23 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	Dr. B. Gemser Hoogleraar te Pretoria, 1926.	6 47	5 23
W	2	Die Gemeente Gwelo gestig, 1923.	6 48	5 23
D	3	Oud. G. J. Engelbrecht van Standerton oorlede, 1910.	6 48	5 23
V	4		6 49	5 23
S	5	Ds. Jac. v. Belkum te Rustenburg bevestig, 1891. Uitspraak Hoog Ger. Hof in sake Trichardtsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893.	6 49	5 23
S	6	Gemeente Humpata gestig, 1910. Dr. H. C. M. Fourie te Johannesburg bevestig, 1924.	6 49	5 23
M	7	F. W. Reitz as Staatssekretaris ingesweer S.A. Rep., 1898.	6 50	5 23
D	8		6 50	5 23
W	9		6 51	5 23
D	10	Ds. J. Beyer te Standerton bevestig, 1899.	6 52	5 23
V	11	Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Windhoek bevestig, 1938.	6 52	5 23
S	12	Verantwoordelike Bestuur aan Kaapkolonie toegestaan, 1872.	6 52	5 23
S	13	Die Kerk van Ermelo ingewy, 1910. Gemeente Ladysmith gestig, 1943.	6 53	5 23
M	14		6 53	5 23
D	15	Ds. N. J. v. Warmelo te Potchefstroom georden, 1864.	6 53	5 23
W	16		6 53	5 23
D	17		6 53	5 23
V	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914. Ds. P. J. J. Venter te Lichtenburg georden, 1921.	6 53	5 23
S	19		6 54	5 23
S	20	Komdt. Salomon Prinsloo oorlede, 1892.	6 54	5 23
M	21		6 54	5 23
D	22		6 54	5 23
W	23	Tweede Volksraad ingestel, 1890. Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939.	6 55	5 24
D	24	Oudl J. C. Coetzee fan Zeerust oorlede, 1933.	6 55	5 24
V	25	Potgieter en Trichardt in Zoutpansberg, 1836.	6 55	5 25
S	26	Gemeente Ebenhaeser gestig, 1937.	6 55	5 25
S	27	Die Gemeente van Vliegepoort gestig, 1931.	6 56	5 26
M	28	Ds. A. J. Begemann emeritus, 1872.	6 56	5 26
D	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854.	6 56	5 27
W	30		6 56	5 27

JULIE, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 6de, 11.09 nm. Volle Maan, 13de, 1.30 nm. Volle Maan, 21ste, 4.31 vm. Laaste Kwartier, 29ste, 8.11 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
D	1	President T. F. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872.	6 56	5 27
V	2		6 56	5 27
S	3	Ds. S. P. J. J. van Rensburg te Randpoort bevestig, 1942. Hoeksteen te Boksburg gelê, 1943.	6 56	5 28
S	4	Oud-Ouderl. H. C. J. v. Rensburg, Zoutpansberg, oorlede, 1909.	6 55	5 28
M	5		6 55	5 28
D	6	Joh. Huss gebore, 1373.	6 55	5 29
W	7	Die Kerk van De la Rey ingewy, 1928.	6 55	5 29
D	8	Die Gemeente Bloemhof gestig, 1916. Ds. H. P. Wolmarans te Zeerust georden, 1922.	6 55	5 30
V	9	Oud. S. E. Grobler van Zoutpansberg oorlede, 1903.	6 55	5 30
S	10	Calvyn gebore, 1509. Inwyding van Kerk te Zwartruggens, 1942.	6 55	5 31
S	11		6 55	5 31
M	12	Senator Ouderl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928.	6 54	5 32
D	13		6 54	5 32
W	14	President Brandt, O.V.S., oorlede, 1888.	6 54	5 33
D	15	Verlating van Schoemansdal, 1867.	6 54	5 33
V	16		6 54	5 34
S	17	Oud. J. v. Graan van Ventersdorp oorlede, 1917.	6 53	5 34
S	18	Ds. N. J. v. Warmelo te Heidelberg bevestig, 1868	6 53	5 34
M	19	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900. Ds. E. S. Mulder bevestig op Bronkhorstspruit, 1931.	6 53	5 34
D	20	Ds. L. E. Brandt te Turffontein bevestig, 1930.	6 53	5 35
W	21		6 52	5 36
D	22		6 52	5 36
V	23	Generaal Andries Pretorius oorlede, 1853.	6 52	5 37
S	24	Ds. L. G. F. Biccard te Zoutpansberg bevestig, 1875.	6 51	5 37
S	25	Afskeid van Prof. Dr. P. I. Muller van Pretoria, 1909.	6 51	5 38
M	26	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804.	6 51	5 38
D	27	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890.	6 50	5 39
W	28		6 50	5 39
D	29	Die Gemeente Van der Hoff gestig, 1933.	6 49	5 40
V	30	Ds. N. J. v. Warmelo te Schoemansdal bevestig, 1864.	6 49	5 40
S	31		6 48	5 41

AUGUSTUS, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 5de, 6.13 vm. Eerste Kwartier, 11de, 9.40 nm. Volle Maan, 19de, 7.32 nm. Laaste Kwartier, 27ste, 8.46 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
S	1		6 47	5 41
M	2		6 46	5 42
D	3	Ds. Jac. v. Belkum te Heidelberg bevestig, 1903.	6 46	5 42
W	4	Oud. A. Alberts van Humpata oorlede, 1928. Ds. J. G. M. Dreyer te Ermelo bevestig, 1928. Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Lichtenburg georden, 1934.	6 45	5 43
D	5	Ds. S. P. J. v. Rensburg op Eendracht georden, '33 Hoeksteen van Kerk te Randfontein gelê, 1939.	6 44	5 43
V	6		6 44	5 43
S	7	Hoeksteen te Benoni gelê, 1943.	6 43	5 44
S	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853. Gemeente van Vaalharts gestig, 1940.	6 42	5 44
M	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920.	6 42	5 45
D	10	Louis Trichardt gebore, 1783. Ds. W. P. J. Poën oorlede, 1937.	6 41	5 45
W	11		6 40	5 46
D	12		6 39	5 46
V	13	Aanval op Veglaer, 1838.	6 39	5 47
S	14	Oud. F. P. H. Alberts van Humptata oorlede, 1930.	6 37	5 47
S	15	Slag van Thaba Bosigo, 1865.	6 37	5 48
M	16	Die Gemeente van Vereeniging gestig, 1913. Ds. A. S. Geyser te Heilbron georden, 1941.	6 36	5 48
W	17	Die Kerk van Venterskroon ingewy, 1889.	6 35	5 48
D	18	Ds. A. Lagerwy oorlede, 1898. Ds. D. v. d. Hoff in Den Haag georden, 1852.	6 34	5 49
V	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653. Gemeente Ruste der Winter gestig, 1938.	6 33	5 50
S	21		6 32	5 50
S	22	Ds. Abr. Ras op Volksrust bevestig, 1936.	6 31	5 51
M	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665.	6 30	5 51
D	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572. Ds. L. M. le Roux op Trichardtsfontein bevestig, 1935.	6 29	5 51
W	25	Aankoms van die Eerste Hugenote, 1688.	6 28	5 52
D	26	General Louis Botha oorlede, 1919.	6 27	5 52
V	27	In gebruik neem van Bybel in Afrikaans, 1933.	6 27	5 52
S	28	Slag van Boomplaas, 1848.	6 26	5 52
S	29		6 25	5 53
M	30	Ds. P. A. C. van Heyningen oorlede, 1904. Ds. T. Dreyer te Heidelberg bevestig, 1941.	6 24	5 53
D	31	Die Lydenburgse Gemeente skei van die Herv. Kerk af, 1854.	6 23	5 54
			6 22	5 54

SEPTEMBER, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 3de, 1.21 nm. Eerste Kwartier, 10de, 9.05 vm. Volle Maan, 18de, 11.43 vm. Laaste Kwartier, 26ste, 7.07 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
W	1	Transvaal geannekseer, 1900. Gemeente Randpoort gestig, 1939.	6 20	5 55
D	2	Ds. D. v. d. Hoffe gebore, 1814. Inwyding van Kerk te Randpoort, 1939.	6 19	5 55
V	3		6 18	5 56
S	4		6 17	5 56
S	5		6 16	5 57
M	6	Koningin Wilhelmina gekroon, 1898.	6 15	5 57
D	7		6 15	5 58
W	8	Ds. N. J. v. Warmelo gebore, 1835.	6 13	5 58
D	9		6 12	5 59
V	10		6 11	5 59
S	11		6 10	6 0
S	12	Die Kerk van Vrededorp ingewys, 1908.	6 09	6 0
M	13		6 08	6 01
D	14		6 07	6 01
W	15	Eerste Uniale Volksraad verkies, 1910.	6 06	6 02
D	16		6 05	6 02
V	17	President M. W. Pretorius gebore, 1819.	6 04	6 02
S	18		6 02	6 03
S	19		6 01	6 03
M	20	Die Huweliks Ordonnansie van de Mist ingevoer, 1804.	6 00	6 04
D	21	Ds. D. J. Strydom te Gwelo bevestig, 1940.	5 59	6 04
W	22		5 58	6 05
D	23	Ds. P. W. Ennis te Klerksdorp bevestig, 1905.	5 57	6 05
V	24	Ds. P. J. J. Venter te Zeerust bevestig, 1927.	5 56	6 05
S	25		5 55	6 06
S	26		5 54	6 06
M	27	Generaal Louis Botha gebore 1862.	5 53	6 07
D	28	Die Kerk op Witpoort ingewy, 1912.	5 52	6 07
W	29		5 51	6 08
D	30	Ds. M. J. Goddefroy te Witfontein bevestig, 1887.	5 50	6 08

OKTOBER, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 2de, 9.42 nm. Eerste Kwartier, 10de, 12.10 vm. Volle Maan, 18de, 4.23 vm. Laaste Kwartier, 25ste, 3.41 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
V	1	Ds. A. Ras op Dullstroom bevestig, 1932.	5 49	6 08
S	2	Slag van Vegkop, 1836.	5 48	6 09
S	3		5 36	6 09
S	4	Ds. A. J. Barger te Middelburg bevestig, 1919.	5 45	6 10
D	5	Eervol ontslag wyle ds. P. W. Ennis, 1928.	5 44	6 10
W	6	Stigting van die gemeente Barberton, 1934.	5 43	6 11
D	7	Oud. D. P. J. v. Schalkwyk van Trichardts oorl. 1911.	5 42	6 11
V	8		5 41	6 11
S	9	Ds. D. v. d. Hoffe oorlede, 1881. Ds. P. W. Venter op Brits bevestig, 1936.	5 40	6 12
S	10	President Kruger gebore, 1825. Ds. S. J. Strydom te Krugersdorp bevestig, 1914.	5 39	6 12
M	11	Die Hervormer Ultrich Zwingli gesneuwel, 1531. Hoeksteenlegging Kerk Zwartruggens, 1941.	5 38	6 13
D	12		5 37	6 13
W	13	Eerste diamant in S.A. gevind, 1867.	5 36	6 14
D	14		5 35	6 14
V	15	Hoeksteenlegging van die Kerk van Pietersburg, 1892.	5 34	6 15
S	16	Afskeidspreek van Ds. Jac. van Belkum met sy emeritaat, 1927.	5 33	6 15
S	17	Dr. S. Vermooten te Zeerust georden, 1915.	5 32	6 16
M	18	Ds. J. D. Storm te Ottosdal bevestig, 1941.	5 31	6 17
D	19	Eerste Kerk op Stellenbosch ingewy, 1687.	5 30	6 17
W	20	Die Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906.	5 29	6 18
D	21	Oud. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1918.	5 28	6 19
V	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685.	5 28	6 19
S	23	Ds. D. F. Erasmus te Ventersdorp bevestig, 1920.	5 27	6 20
S	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859.	5 26	6 20
M	25		5 25	6 21
D	26		5 24	6 21
W	27	Ds. L. E. Brandt te Vereeniging bevestig, 1923. Ds. P. J. J. Venter te De le Ray bevestig, 1923.	5 23	6 22
D	28	Nuwe Kerk te Witbank ingewy 1944.	5 22	6 22
V	29		5 22	6 23
S	30	Ds. J. J. Prinsloo te Trichardts bevestig, 1909. Hervormingsdag. Samekoms Komm. N. Herv. en N. Geref. om oor kerkvereniging te handel, 1882.	5 21	6 23
S	31	Ds. P. W. Ennis oorlede, 1932.	6 20	6 24

NOVEMBER, 30 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan, 1ste, 8.02 vm. Eerste Kwartier, 8de, 6.46 nm. Volle Maan, 16de, 8.31 nm. Laaste Kwartier, 23de, 11.22 nm. Nuwe Maan, 30ste, 8.44 nm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
M	1		5 19	6 24
D	2	Eerste Alg. Kerkverg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1824.	5 19	6 25
W	3	Hoeksteenlegging eerste Herv. Kerk op Christiana, 1876.	5 18	6 25
D	4	Ds. Jac. van Belkum oorlede, 1933.	5 18	6 26
V	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842. Aankoms van Ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852.	5 17	6 26
S	6		5 16	6 27
S	7	Vasco da Gama te St. Helenabaai, 1497.	5 15	6 27
M	8		5 15	6 28
D	9		5 15	6 28
W	10	Martin Luther gebore, 1483.	5 14	6 29
D	11		5 13	6 30
V	12	Piet Retief gebore, 1780.	5 13	6 30
S	13		5 12	6 31
S	14	Ds. W. F. H. Huyzers bevestig op Vereeniging, 1931.	5 12	6 32
M	15	Ds. A. J. Begemann oorlede, 1925.	5 11	6 33
D	16	Pretoria aangelê, 1855.	5 11	6 34
W	17		5 10	6 35
D	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497.	5 11	6 36
V	19	Hoeksteenlegging van die Kerk te Potgietersrust, 1921.	5 10	6 36
S	20	Die Kerk op Eldoret ingewy, 1921.	5 09	6 37
S	21	Ds. H. D. v. Broekhuizen Predikant van die Hervormde Kerk, 1917.	5 09	6 38
M	22	Die Gemeente Trichardts gestig, 1879.	5 09	6 39
D	23		5 09	6 40
W	24	Hoeksteenlegging van die Kerk van Laeveld, 1924.	5 08	6 41
D	25	Ds. W. P. J. Poën te Pietersburg bevestig, 1922.	5 08	6 41
V	26	Die Kerk van Memel ingewy, 1915.	5 08	6 42
S	27	Die Kerk van Bethal ingewy, 1926.	5 08	6 43
S	28	President Steyn oorlede, 1916.	5 08	6 44
M	29		5 08	6 44
D	30	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935.	5 08	6 45

DESEMBER, 31 DAE.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier, 8de, 3.57 nm. Volle Maan, 16de, 11.11 vm. Laaste Kwartier, 23de, 7.12 vm. Nuwe Maan, 30ste, 11.44 vm.	Sons opg. vm.	Sons ond. nm.
W	1	Slawe vry verklaar in die Kaap, 1834.	5 08	6 46
D	2	Verkiesing eerste Voortrekker-Volksraad, 1836	5 08	6 46
V	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838.	5 08	6 47
S	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866.	5 07	6 48
S	5		5 07	6 49
M	6	Voortrekkersgelofte, 1838.	5 08	6 50
D	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885.	5 07	6 50
W	8		5 07	6 51
D	9	Pres. T. F. Burgers oorlede, 1881.	5 07	6 52
V	10	Slag van Stormberg, 1899.	5 07	6 52
S	11	Slag van Magersfontein, 1899.	5 08	6 53
S	12	Ds. C. W. du Toit emeritus, 1918.	5 08	6 54
M	13	Republiek herstel op Paardekraal, 1880.	5 08	6 54
D	14		5 08	6 55
W	15	Slag van Colenso, 1899.	5 09	6 56
D	16	Slag van Bloedrivier, 1838. Hoeksteenlegging van die Kerk van Middelburg, 1896.	5 09	6 56
V	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom geteken, 1856.	5 09	6 57
S	18	Die Kerk van Vereeniging ingewy, 1915.	5 10	6 58
S	19	Generaal A. H. Potgieter gebore, 1792.	5 10	6 58
M	20	Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880.	5 11	6 59
D	21	Oud-ouderling G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926.	5 11	6 59
W	22		5 12	7 00
D	23		5 13	7 00
V	24		5 13	7 01
S	25	Kersfees.	5 15	7 01
S	26	Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859.	5 14	7 02
M	27	Ds. G. C. Coetzee op Delarey georden, 1934. Ds. S. P. Viljoen op Durban georden, 1936.	5 15	7 02
D	28	Hoeksteen gelê van die Eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700.	5 15	7 02
W	29	Die Kerk van Germiston ingewy, 1917.	5 16	7 03
D	30	Jameson-inval, 1895.	5 17	7 03
V	31	Die Gemeente Heidelberg gestig, 1865.	5 17	7 03

DIE ONSIENLIKE SIEN.*

Hebreërs 11: 27*b*.

Moses, die groot leier van sy volk, die geroepene van God, kom uit 'n gelowige huis. Ons lees immers dat sy ouers hom *deur die geloof* drie maande lank weggesteek het. Hy is die seun van godvresende ouers wat nie bang is vir die gebod van die koning nie omdat hulle God vrees.

In sy jong hart word deur Amram en Jogebed die liefde vir sy volk gelê. As hy groot geword het, dan word hy na die koninklike paleis van die Farao gebring as die aangenome seun van die Egiptiese prinses. Daar is alles anders as tuis: 'n ander omgewing, ander tradisies, ander ideale, 'n ander godsdiens, 'n ander volk. Vir die jonge Moses is daar baie verleiding, nl. om sy volk te vergeet, sy eenvoudige ouerlike huis te verag, die ideale van sy jeug kwyt te raak.

Die invloed van die ouerlike huis is egter blywend.

Sy kanse in Egipte is skitterend. Hy is daar die prins van 'n groot volk, terwyl sy eie volk 'n verdrukte slawevolk van veragte steenmakers is.

Tog kies hy nie die skittering van die paleis nie, nie die skatte van Egipte nie, nie die veelbelowende toekoms nie. maar liewer om saam met sy volk sleg behandel te word. Sy ideaal hou hy hoog.

Maar daar is mense wat geen idealisme besit nie. Hulle sien net sienlike dinge.

Sienlike dinge.

Hierdie soort van mense het alle ideale kwytgeraak. Hulle sien net harde feite. Hulle het geen geloof in die toekoms meer nie, geen verwagting nie. Hulle berus by die onvermydelike en skik hulself na die omstandighede.

Dis van hulle wat saam met die spottende massa teen Noag en sy ark sou gekies het of wat soos Esau die lensies bo die eers-

*Rede uitgespreek met die ordening van Proponent Thomas F. Dreyer te Pretoria-Wes op 1 Febr. 1947. Op versoek word dit dit hier geplaas.

geboortereg sou gekies het. Dis van hulle wat die tafel van Nebukadnesar sonder God bo die eenvoudige spyse met God sou begeer het.

So het die volk van die Here in Egipte geword. Hulle het die slawejuk aanvaar. Hulle het alle idealisme verloor. Hulle sien net die gekromde rugge van hulle medesteenmakers en die sweep van die opsigters. As Moses hulle wil bevry en daar kom 'n teenslag, dan is daar ook dadelik die verwyt aan Aäron en Moses: „Mag die Here julle oordeel omdat julle ons gehaat gemaak het by Farao en sy dienaars." Hulle verkies slawediens bo 'n vryheid wat gepaard gaan met moeite en teenslae. Hulle stel Egipte met sy brood en vleis, sy knoffel en uie bo Kanaan waar daar hongersnood was. Wat beteken vryheid sonder hierdie noodsaaklike lewensmiddels! Liewer een voël in die hand as tien in die lug. Liewer slawe met kos sonder vryheid en ideale, as hierdie dinge sonder ete en drinke. Wat help ideale tog as 'n mens se maag brand van honger!

So verkies tot vandag toe nog baie die tasbare en sienlike dinge bo die onsienlike.

Onder hierdie soort van mense mag die evangeliedienaar nie gevind word nie. Want so 'n evangeliedienaar sal net sien 'n mooi kerkgebou, 'n goeie pastorie, 'n groot gemeente en 'n aantreklike traktement. Hierdie sienlike dinge sal vir hom hoofsaak wees. En as hy in 'n gemeente kom waar hierdie dinge ontbreek, sal hy hom daarop toelê en as die kerkgebou ingewy en die skuld betaal en die finansies van die gemeente in orde is, dan sal hy sê: ek kan nou maar weer 'n beroep aanneem, want my werk is nou hier klaar.

Teenoor die volk in knegskap wat net sigbare dinge sien, wat geen oog het vir die ideaal van vryheid nie, staan Moses. Sy geestesoog het 'n ideaal gesien, onsienlike dinge gesien.

Onsienlike dinge.

Toe hy moes kies tussen die sienlike en onsienlike dinge, dié wat voor oë is en dié wat as 'n ideaal voor oë sweef, het hy die laaste gekies. Dis 'n keuse wat respek afdwing. Dis die keuse van 'n sterk man.

Hy kies wat vér in die verskiet lê bo wat voor hande is, wat onsienlik is bo wat voor oë is. Hy kies 'n ideaal en is gewillig om daarvoor op te offer, homself daarvoor te verloën.

Hy het nog nie sover gekom om die Onsienlike, om God te sien nie, maar hy het begin om onsienlike dinge te sien, om 'n ideaal na te jaag.

En dit is geen kleinigheid nie. Om 'n idealis te wees is om 'n gelowige te wees wat teen alles in glo, 'n gelowige in dié sin dat hy glo in die uiteindelike verwesenliking van sy ideaal. In die geval van Moses was dit die vrymaking van sy volk uit die knegskap van Egipte. En hierdie onsienlike ideaal bekoor hom só, dat hy daarvoor veel, ja bykans alles opoffer: sy onbesorgde toekoms, die weelde van die paleis, die skatte van Egipte.

Van die onsienlike dinge gaan inderdaad 'n groot bekoring uit. Groot ideale lok en oefen 'n groot invloed uit op hulle wat oog daarvoor het. Baie slapheid en beginselloosheid is te wyte aan daardie nugterheid wat die onsienlike dinge nie meer kan sien nie, wat net leef vir die sigbare, die tasbare, die konkrete.

'n Evangeliedienaar moet 'n idealis wees. Hy moet ideale, hoë ideale hê. Hy moet die onsienlike dinge nooit uit die oog verloor nie. Hy moet gewillig wees om sy offers daarvoor te bring. So 'n leraar se ideaal sal wees om sy gemeente op te bou, saam te bind, om te voltooi wat aan die geloof en die liefde, die hoop en die blydskap van sy gemeente ontbreek.

Maar om hierdie onsienlike dinge te sien, om 'n ideaal na te jaag, self daarvoor in te span is nog nie voldoende nie. 'n Mens kan jouself daaraan alleen nie vasklem nie.

Dit sien ons aan Moses. So was dit met hom in die begin. As sy geesdrif sy volk nie aansteek nie, as sy idealisme met verwyte beantwoord word, dan raak hy sy idealisme kwyt. Hy verloor die onsienlike dinge uit die oog. Hy word bang en vlug. Die volksleier word die skaapwagter van Jetro. Kyk, daar loop hy nou agter die skape. Sy volk sug nog onder die slawejuk, maar hulle moet self toesien, want hulle wou nie verlos word nie.

So het dit nie alleen met Moses gegaan nie, maar in baie lewens. Meer as een oog wat nou dof is, wat lewensloos staar in die verte, het vroeër geflikker by die sien van 'n onsienlike ideaal. Meer as een voet wat nou traag is het vroeër veerkragtig die steil pad omhoog bewandel. Hoe baie is daar wat teleurgestel, moedverlore, sonder idealisme hulself voortsleep op 'n een-

tonige lewenspad, elke dag dieselfde, soos die eentonige woestyn vir die teleurgestelde Moses elke dag dieselfde was.

Vir die evangeliedienaar wat sy oog net hou op onsienlike dinge, wat net leef vir 'n ideaal, sal sy ampswerk uiteindelik ook eentonig word. Aan die eensgesindheid in die gemeente, waarvoor hy hom beywer het, sal daar maar altyd iets ontbreek. Die ideaal wat hy voor oë gehad het om die gemeente op te bou tot goeie werke, sal maar nie tenvolle verwesenlik word nie. Die liefde wat hy so aangeprys het, sal dikwels plek maak vir haat. Sy goeie bedoeling om die gemeente te bevry uit die mag van die Satan, sal nie waardeer word nie. Soos Israel die slawejuk bo vryheid verkies het, sal baie die slawejuk van die sonde verkies bo die vryheid in Jesus Christus wat hy as ideaal so voor gehou het. En die evangeliedienaar se hoof sal hang soos Moses se hoof op sy vlug na die woestyn.

Ook vir die evangeliedienaar is dit nie voldoende om onsienlike dinge te sien, om 'n ideaal na te jaag nie. Ook hy kan homself daaraan nie staande hou nie.

Daar is meer nodig as om onsienlike dinge te sien. Die Onsienlike self moet gesien word, gesien word met die oog van die geloof. God self moet voor oë gehou word.

Die Onsienlike.

So was dit met Moses. Na jare kom tot hom in wie die ideaal uitgedoof is deur teleurstellings, tot hom wat die onsienlike dinge nie meer sien nie, die Onsienlike, dit is God self. Dit het geskied by die brandende braambos.

God knoop in sy gesprek met Moses aan by die ideaal wat hy, Moses, voorheen gehad het. God sê aan hom: Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak, die God van daardie volk wat jy opgegee het. Jy het gevlug en hulle aan hul lot oorgelaat. Ek nie, want Ek het hulle jammerklagte gehoor.

Die situasie is nou anders. As Moses onsienlike dinge sien, met 'n ideaal besiel is, dan tree hy na vore met opgehewe hoof en met stralende blik. Hy is seker van eie krag. Kyk, daar slaan hy die Egiptenaar dood.

Maar as Moses die Onsienlike sien, dan gaan hy oor heilige grond. Hy mag nader maar sonder skoene aan sy voete. Hy

is nou klein in eie oog. Bewing bevang hom. As hy die opdrag kry om sy volk te gaan verlos, dan durf hy nie. Ek kan nie, Here. Wie is ek, dat U my sou stuur om Israel te verlos?

So het baie geloofshelde, as hulle die Onsienlike, die Heilige, gesien het, teruggedeins in die gevoel van eie onwaardigheid. As God aan Gideon sê: Gaan en verlos Israel uit die hand van die Midianiete, dan antwoord hy: „Ag, my Heer, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse en ek self die geringste in my familie." As Jesaja geroep word, dan huiwer hy terug met die woord: „Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien!" Ook Jeremia deins terug in die besef van eie onwaardigheid: „Ag, Here, Here, voorwaar ek kan nie praat nie, want ek is jonk."

So voel ook die evangeliedienaar wat God, die Onsienlike, met die geloofsoog gesien het, wat homself geroepe weet deur God. Hy voel homself onwaardig en te gering.

Ja, ook Moses durf nie, maar God is vir hom te sterk. En daarom kan hy die hemelse gesig nie ongehoorsaam wees nie. Hy klem hom vas aan God en in die krag wat God verleen, gaan hy.

Daar het meer in sy lewe gekom as 'n onsienlike ideaal. Sy geloofsoog sien nou God, die Onsienlike, self. En op daardie lange, moeilike weg wat voorlê, het hy God voortdurend vasgehou. Of liewer, God het hom vasgehou.

Die ideaal om sy volk te verlos herleef nou weer in sy hart, maar nie nou in eie krag nie, maar as geroepene van God. Die verwesenliking van sy ideaal is, na die mens gesproke, nou nog verder weg as voorheen. Die volk is immers nog meer slaafs as veertig jaar gelede. Maar Moses vlug nou nie vir die moeilikhede soos voorheen nie. Hy laat nou sy volk en sy plig nie los nie. Inteendeel, hy hou vol soos een wat die Onsienlike sien. Hy het nou 'n houvas. Daar staan van hom in sy beproewings geskrywe: „En Moses gaan weer tot die Here." Daar vind hy krag en troos.

En dit het hy sy hele lewe lank gedoen. As Aäron hom bitter teleurstel, as die volk dreig om hom dood te maak, as sy vurigste verlange om Kanaan in te gaan met 'n nee beantwoord

word, dan hou hy vol soos een wat die Onsienlike sien. En omdat hy dit gedoen het, daarom het hy oor die diepste teleurstellings en hoogste verlangens heen kon sien. God, die Onsienlike, het vir hom eerste geword en daarom is die sienlike en die onsienlike dinge vir hom tweede.

Moses het volgehou omdat hy die Onsienlike voor oë gehou het. Ook vir die evangeliedienaar is dit nie voldoende om die onsienlike dinge te sien, om besiel te wees met hoë ideale nie.

Meer is nodig.

Hy moet God sien.

God elke dag sien.

Hy moet volhou om die geloofsoog op God te hou.

Ons het bo gesê dat die evangeliedienaar 'n idealis moet wees. Ja, seker, maar nie 'n idealis sonder meer nie, 'n geloofsidealis, 'n idealis wat met sy ideale geanker is in God, 'n idealis wat God gesien het in die aangesig van Jesus Christus. Hy het immers die Vader aan ons geopenbaar. In Hom en deur Hom alleen sien ons die Onsienlike. In en deur Hom kry die ewige dinge vir ons waarde en kom die sigbare dinge vir ons in hulle ware perspektief te staan.

En as die evangeliedienaar vol hou in sy ampswerk soos een wat die Onsienlike sien, dan alleen sal ,,berge vir hom vlak wees en seë droog," en sal hy met Paulus onder beproewings kan sê: Ons het altyd goeie moed. Dan alleen sal hy met die apostel kan roem in eie swakhede sodat die krag van Christus in hom kan woon. Dan alleen sal sy ampswerk nooit 'n las vir hom word nie, maar die lus van sy lewe, want die liefde van Christus sal hom dring. — AMEN.

JOH. DREYER.

VERGEWENSGESINDHEID.

By geleentheid het die Heer met Sy disipels gewandel, en al wandelende het Hy baie ernstige onderwerpe met hulle behandel. Hy het met hulle gehandel oor die noodsaaklikheid om die afgedwaaldes op te soek, en om die broeders te win vir Gods Koninkryk.

Op Petrus het die woorde van Jesus 'n baie diep indruk gemaak. Met sy vurige temperament, kan mens aanneem, dat hy meermale in twiste gewikkel was en seker dikwels 'n grief teen die medebroeders gekoester het. Die woorde van die Heer het hom nou laat besluit dat hy meer verdraagsaam en vergewensgesind moet wees. Meteens kom sy vraag: ,,Here, hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe — tot sewemaal toe?" Wat 'n wonder van vergewensgesindheid. Sewemaal 'n medemens wat teen jou gesondig het, wat jou veronreg het, vergewe. Dit is tog baie gevra. Dit is vir die meeste mense al baie swaar om eenmaal te vergewe. Om 'n onreg wat gely is, te vergewe en dit te vergeet is al te veel gevra. Maar miskien sal ons tog eenmaal na tussekoms van ander, beweeg kan word om te vergewe. As dieselfde mens ons meer veronreg en teen ons sondig moet hy nie dink dat ons dit weer sal vergewe nie. Maar wie weet, miskien kry vriende dit reg om ons om te praat om tog maar nog eenkeer te vergewe. Maar wat 'n wonderwerk van verdraagsaamheid en vergewensgesindheid is ons dan nie in eie oë, en in die van ons vriende nie. Wat 'n heerlike gevoel van martelaarskap, dat ons, die gedurig veronregte, tog nog meer vergewe. Petrus gaan natuurlik baie verder. Hy is gewillig om sewemaal te vergewe. Maar dit is nou dwaasheid. 'n Mens wat sewemaal teen sy medemens sondig, terwyl die hom keer op keer vergewe, is 'n onverbeterlike mens, met wie geen mens dit kan uithou nie. Hy is iemand wat nie kan goed doen nie. Waarom sal mens dan nog probeer om die broederliefde teenoor so'n mens te handhaaf. Veel beter is dit om hom af te skryf as 'n verlore broeder wat vir jou soos die heiden en die tollenaar is. Dus sewemaal vergewe is genoeg om so'n mens in sy kwaad te sterk.

Toe Petrus dus by die Heer kom met sy vraag hoe dikwels hy sy broer moes vergewe, en of die Heer dink dat mens dit soveel maal moet doen as wat hy gewillig is, nl. sewemaal, was hy seker innerlik oortuig dat Jesus hom lof sou toeswaai. So'n vergewensgesindheid sou selfs Jesus nie verwag het nie. Hoe groot moes Petrus se verbasing dus nie gewees het, toe die Heer hom antwoord: „Ek sê vir jou, nie tot sewemaal toe nie, maar tot sewentigmaal sewe toe."

Petrus was natuurlik nie so dom, om te dink dat Jesus daarmee bedoel dat hy vierhonderd-en-negentigmaal moes vergewe, en dan die volgende keer nie meer nodig het om te ververgewe nie. Hy het wel begryp dat die Heer bedoel dat daar geen end aan gewilligheid om te vergewe mag wees nie. As iemand nog tel hoeveel maal hy vergewe het, het hy nog nooit vergewe nie. Vergewing soos Jesus dit verstaan bestaan nie alleen in 'n paar dade nie, maar dit is 'n gemoedsgesteldheid. Dit sou 'n volkome gesig wees op die belange van jou broer dat jou hart altyd oop en toeganklik vir hom is. As hy teen jou sondig dan onttrek hy hom aan jou. Hy sluit sy hart vir jou, maar jou hart sluit nie vir hom nie. Jy sluit jou nie in bitterheid van hom af nie. Jou hart bly vir hom toeganklik. Daarom sal hy elke keer as hy terugkeer vind dat jou hart vir hom toeganklik is, en of dit nou een of duisendmaal gebeur, dit maak geen verskil nie. Jou broederliefde is van so'n aard, dat dit altyd op die terugkeer van die broeder wag, net soos die vader van die verlore seuns gewag het, en sy verlore seun reeds van ver sien kom het, en hom met blydskap tegemoetgesnel het. So is die vergewensgesindheid van God. Onbeperk en volkome. So moes ook ons vergewensgesindheid gewees het. Soos die van ons Hemelse Vader.

Dit verbaas ons dan ook nie dat Christus, na die vraag van Petrus die gelykenis van die onbarmhartige dienskneg vertel het nie. Die Heer van die dienskneg was baie barmhartig. 'n Geweldige bedrag is dit wat sy dienskneg aan hom skuld. Daar was geen sprake van dat die kneg dit in sy lewe sou kon betaal nie. Die dienskneg sê wel in sy smeekbede dat hy alles sal betaal, as sy heer maar lankmoedig wil wees en wag. Sy heer het beter geweet. Hy sou nooit kon betaal nie. Sy skuld was te swaar. Sy heer skryf daarom sy skuld af en vergewe dit. Omdat sy

skuld te groot is om te betaal vergewe sy heer dit. Nie omdat sy skuld so klein is, dat dit oor die hoof gesien kan word, of omdat dit sy heer nie veel skade berokken nie, maar juis omdat dit te groot is, en hy daaronder sou moet beswyk. Daarom vergewe sy heer hom.

Maar hy doen nie dieselfde nie. Omdat sy medediensneg hom soveel skuld dat hy nie kan betaal nie, daarom verhard hy sy hart teen hom, en weier sy vergiffenis. Hy sal hom nie vergewe nie, sy skuld is te groot. Hoe anders was sy gesindheid as die van sy heer. Net die teenoorgestelde. By sy heer was daar liefde, daarom word hy met medelye met sy dienskneg wat so swaar by hom in die skuld sit, vervul. By hom is haat wat hom met bitterheid vervul teen sy mededienskneg wat so swaar by hom in die skuld sit. Toe die heer hoor van die gedrag van sy dienskneg was hy diep teleurgestel en verontwaardig, en het die onbarmhartige dienskneg aan die pynigers oorgegee.

En sê die Heer, so sal met ons gedoen word as ons mekaar die misdade nie vergewe nie.

A. OOSTHUIZEN.

'N NEDERLANDSE BYBEL UIT DIE JAAR 1541.

In die latere middeleeue, vóór die Kerkhervorming, is verskillende Bybelboeke in Nederlands vertaal. Hierdie vertalings is egter nie uit die oorspronklike tale, Hebreeus en Grieks, waarin die Bybel geskryf is, gemaak nie maar uit die Latynse teks van die Vulgaat, die vertaling waaraan die Roomse Kerk krampagtig vashou en selfs as gesaghebbend verklaar het om sy leerstellings mee te staaf. Hierdie Nederlandse vertalings van bepaalde Bybelboeke bewys wel dat daar 'n behoefte was om die Skrif te kan lees, en dit is dan ook nie bevreemdend nie dat na die uitvinding van die Boekdrukkuns, wat waarskynlik in Holland plaasgevind het, een van die eerste Nederlandse boeke wat ter perse gelê is, 'n gedeelte van die Bybel was, en wel die Ou Testament, egter sonder die Psalms, wat in 1477 in Delft verskyn het. In die jaar daarop is daar reeds 'n volledige Bybel gedruk.

Die drukpers was een van die magtigste middels om die beginsels van die Hervorming ingang te laat vind. Ook in Nederland was dit die geval waar verskillende hervormingsgesinde geskrifte in druk versprei is. In 1522 het 'n monnik in Amsterdam 'n Nederlandse vertaling van die Evangelie van Mattheus vervaardig en laat druk. Die naam van hierdie monnik behoort deur ons in gedagtenis gehou word. Dit was Johannes Pelt. Die vertaling het 'n sterk reformatiese karakter gedra, waardeur dit dan ook deur die Roomse Kerk verbied is. Maar hierdie verbod het egter nie veel uitgerig nie. Daar het inteendeel meerdere Nederlandse vertalings van die Nuwe Testament verskyn wat alger die Hervorming help ingang vind het en waardeur die grondslae van die Hervormde Kerk gelê is. Die eerste volledige Nederlandse Bybel het in 1526 verskyn en is deur Jacob Liesveldt besorg.

Die Roomse Kerk was nie alleen daarteen gekant dat die Bybel in die volkstaal sou verskyn nie, maar was ook bevrees vir die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste en het hom krampagtig aan die Latynse Vulgaat vasgehou. In 1528 het daar van Roomse kant 'n Nederlandse Bybel verskyn, 'n vertaling wat ten doel had om die Protestantse Bybels te verdring.



Maar Rome het tog hierdie uitgawe nie as Rooms-regsinnig erken nie.

In 1541 het daar weer so 'n Roomse vertaling van die Bybel uitgekom, ook nie uit die oorspronklike tale, Hebreeus en Grieks vertaal nie, maar van die Latynse Vulgaat. Op die kant was daar egter ooreenkomstig die Hebreeuse en Griekse tekste veranderings aangebring en gewys op verkeerde vertalings wat in die Vulgaat voorkom. Om slegs een voorbeeld te noem. In Genesis 48 vers 16 waar ons lees hoe Jakob die twee seuns van Josef geseën het, lees die teks van die Vulgaat as volg: „En die engel wat my verlos het van alle kwaad wil hierdie kinders seën: en laat my naam aangeroep word oor hulle, en ook die naam van my vaders, Abraham en Isaak, en laat hulle groei tot menigtes op aarde." Volgens die Vulgaat sê Jakob dat Abraham Isaak en hyself aangeroep moet word vir die kinders, en die Roomse Kerk beroep hom op hierdie vers van die Vulgaat as een van die gronde waarom mens tot die afgestorwenes kan bid. En nou word in hierdie Bybel van 1541 aan die kant van die bladsy gesê dat dit in die Hebreeuse teks nie so staan as in dié van die Roomse Vulgaat nie; in die Hebreeus staan dat Jakob die wens uitspreek dat sy naam en die name van Abraham en Isaak deur die seuns genoem mag word, dit is, dat hulle in die seuns mag voortlewe deurdat die seuns 'n groot nageslag mag hê. Volgens die oorspronklike Hebreeuse teks word hier dan ook glad nie geleer dat mens tot die afgestorwenes kan bid nie. Dit was dan ook gevaarlik, baie gevaarlik vir die Roomse Kerk dat hier aan die kant op verkeerdhede van die Vulgaat gewys word, want daarmee is nie alleen kritiek op die Vulgaat geoefen nie, maar kom die leerstellings van die Roomse Kerk wat op sulke foute van die Vulgaat berus, in die gedrang. En soiets kon Rome nie duld nie. En daarom, al het die Bybel uitgawe van 1541 ook uit Roomse kringe voortgekom, en al het dit ook met die keiserlike toestemming verskyn, en al is ook die keiserlike wapen op die titelblad geplaas, tog moes dit geweer word, want in daardie tyd van gisting en woeling, in daardie dae toe baie mense krities teenoor die Roomse Kerk begin staan het, toe die beginsels van die Hervorming ingang begin vind het, in daardie onsekere tyd moes die Bybel van 1541 noodwendig die Hervorming in die hand werk, veral toe Pro-



testantsgesinde mense dit ook begin lees het. Dit was dan ook gevaarlik vir die Roomse Kerk. Trouens Rome het geen gevaarliker teenstander as die Skrif nie. Vir die Roomse Kerk het die menslike kerklike oorlewerings, en dus ook die oorgelewerde foutiewe vertalings van die Latynse Vulgaat, eweveel waarde en gesag as die Skrif self. Daarom moet die Roomse Kerk alles vermy wat hierdie menslike kerklike oorlewerings in die gedrang kan bring. Daarom deins Rome daar selfs nie voor terug om die Skrif aan menslike bande te lê nie, en om 'n feilbare menslike vertaling soos die Vulgaat wat op baie plekke fout vertaal is, as onfeilbaar te verklaar, soos die Roomse Kerkvergadering van Trente op 8 April 1546 ook gedoen het, toe gedekreteer is dat die Vulgaat outentiek is. d.w.s. oorspronklik en gesaghebbend, en dat niemand dit mag verwerp nie. Die gevolg hiervan was dat keiser Karel V veertien weke later, op 30 Junie 1546, 'n plakkaat uitgevaardig het waarin verskillende Bybeluitgawes verbied is, ook die van 1541. As rede hiervoor word genoem dat daar aantekeninge in voorkom wat in die gees van Luther is, en soms prente wat kettery in die hand werk.

Die Hervormde Kerk erken geen menslike oorlewerings as grond vir die geloof nie. Alleen vir die gesag van die Skrif word gebring as die enigste geloofsreël. Hierdie beginsel word met nadruk en klem in artkel VII van die Nederlandse

Geloofsbelydenis uitgespreek. Aan die Woord van God, so sê die artikel, mag niks bygevoeg of daarvan weggelaat word nie. Die mense is uit hulleself leuenaars en ydeler as die ydelheid self.

Van hierdie Bybeluitgawe van 1541 besit ek 'n goed bewaarde eksemplaar, en hier word vier verskillende afbeeldings daarvan gegee. Die eerste afbeelding bevat die titelblad. Byna aan die einde daarvan lees ons met groot letters *Cum Gratia et Privilegio*, wat wil sê dat hierdie Bybel met verlof van die keiserlike Owerheid gedruk is, en daarom vind ons in die randversiering tot tweekeer toe die dubbele adelaar, die keiserlike wapen. Ook word in die titel vermeld dat daar op die kant van die bladsye veranderings aangebring is waar die Vulgaat met die Hebreeuse en Griekse tekste verskil. Hierdie vir die Roomsee Kerk so gevaarlike beginsel word dus nie weggesteek nie.

Die tweede afbeelding bevat die titelblad van die Nuwe Testament. Die randversiering is dieselfde as die van die titelblad. Die vier persone wat elk by 'n tafel sit, stel die vier Evangeliste voor. Heel bo is 'n tekening van die herders wat in die stal is en die kinderlike Jesus aanbid. Onder lees ons *waar* hierdie Bybel gedruk is, *deur wie* dat dit gedruk is, en in *watter jaar* dit gedruk is:

Gheprint in die vermaerde coopstadt van Antwerpen/
binnen die Camerpoorte inden Mol/by my
Hendrick Peetersen van Middelborch. Int
Jaer ons Heeren/alsmen schreef
MCCCCC en (de) XLI.

Die derde afbeelding toon ons die hele Bybel, oopgeslaan by die einde van Mattheus en die begin van Markus. Ons sien hier vyf houtsnee prente. Die eerste stel die geseling van Jesus voor, die tweede sy kruisiging, die derde sy begrafnis en die vierde sy opstanding. Die vyfde stel die evangelis Markus voor.

Die vierde afbeelding is baie interessant. Soos ons reeds gesê het maak die plakaat van 1546 waardeur ook hierdie Bybel uitgawe verbied is, melding van prente wat soms in die Bybels

voorkom wat kettery in die hand werk. Hierdie afbeelding stel die versoeking van Jesus in die woestyn voor. Die duiwel kom by Hom met bokspote soos hy in die outyd gewoonlik afgeprint is, maar hy is gekleed soos 'n Roomse monnik, met selfs die rosekrans aan sy sy, dit is die string krale wat deur die Roomses gebruik word as hulle die Onse Vader en die Ave Maria (die gebed tot Maria) agtermekaar bid, waarby telkens na so 'n gebed een kraal weggeskuif word, sodat met die getal van gebede geen vergissing gemaak kan word nie. So 'n prent moes noodwendig ergernis gee.

Hierdie Bybel van 1541 word deur ons met eerbied aanskou. Nie alleen omdat dit meer dan vier honderd jaar oud is nie, maar ook omdat dit verteenwoordigend is van die gees van die opkomende Hervorming. Al stam dit nog uit Roomse kringe, dit stam in elk geval uit 'n oorgangstydperk, en was 'n bydrae tot die totstandkoming van die Hervormde Kerk.

S.P.E.

DIE VERHOUDING VAN JESUS TOT SY DISIEPELS.

Dit is seker van groot geestelike waarde om ons rekenskap te gee uit die Evangelies, die besondere verhouding van Jesus tot sy disiepels.

Daar is die verskillende karakters met wie Jesus in aanraking gekom het, en waarop Hy sy sielsorg moes uitoefen.

Petrus is die spontane aktiewe disiepel. Hy het edel dinge in sy karakter, maar daar lê ook groot gevare in sy voortvarendheid. Johannes die apostel van die liefde sit met 'n geheime eersug wat vir hom noodlottig kon word.

Natanaël is die filosoof. Hy is 'n man met 'n ryke gebedslewe en heerlike omgang met God, maar tog kon sy karakter uitgroei as 'n man van kritiek en oordeel. Thomas is die swaarmoedige. Die lewe staan voor hom met wreedheid en verskrikking. Hy loop gevaar 'n slagoffer te word van weemoedstemminge.

Aan sulke verskillende karakters moet Jesus die groot gedagtes van Gods Koninkryk predik. Hy moet hulle opvoed en lei.

Wat 'n tere sielsorg moes Hy nie toepas oor sy disiepels?

Daarom is dit seker meer as die moeite werd om uit die Evangelies net kortliks die hooflyne aan te wys, wat Jesus gedoen het, en hoe Hy dit gedoen het.

Vir ons as Evangeliedienaars en alle geestelike werkers kan dit 'n leidraad wees, die heilige karakter wat elke ware sielsorg kenmerk.

Ons kan duidelikheidshalwe drie groot periodes afbaken van Jesus verhouding tot Sy disiepels:

1. Van Sy openbare optrede tot die spysiging van die 5,000.
2. Vanaf die spysiging tot die Kruisiging.
3. Van die Opstanding tot die Hemelvaart en daarna, oor Pinkster heen die toekoms in.

Nou is dit baie opmerklik dat in die eerste periode, wat ongeveer twee jaar geduur het, was sy disiepels meer toeskouers, luisteraars by Sy werk.

In die tweede periode was die disiepels meer leerlinge. Dis hier waar Jesus van hulle 'n duidelike belydenis vra van Sy Persoon en werk.

In die derde periode moes Sy disiepels gevorm word tot lewende medewerkers in Sy Koninkryk.

Hoe was nou die eerste periode? Die disiepels volg Jesus maklik. Hulle volg met die gedagte van aardse nasionale aspirasies. Jesus is vir hulle die Vryheidsheld, en hulle sy adjudante. Die disiepels is maar só toeskouers van Jesus se werk.

Hulle moet 'n groot omsettingsproses ondergaan om nuwe perspektiewe te verkry. In hierdie toeskouers-periode het die disiepels al begin sien dat Jesus die Liefde — Koning is.

As liefde -koning sal Hy ook 'n smarte-koning word. Langsamerhand het die kentering gekom.

Die disiepels word nou leerlinge en enigsins medewerkers. Hierdie kentering vind plaas as Jesus in Galilea terugkeer. Groot verset breek teen Sy werk uit. Jesus moes 'n sterk beroep doen op Sy disiepels. Hulle kry nou nuwe name, twaalf word geroep en die nuwe naam is apostels, d.w.s. gesante. Hulle oë begin Jesus te sien in sy wondermag, tekens en belangeloosheid. Hulle sien Jesus as staande in die hoë besef van die diens van 'n ewige koninkryk. Hulle sien Jesus in Sy allesoorweldigende liefde. Mark. 1: 22, 2: 12, 6: 51.

Waar Jesus in die eerste periode meer die rigting aangee: Volg My, Ek sal julle vissers van mense maak, Ek is besig om te saai, julle sal straks geroep word om te maai — daar volg in die tweede periode die groot kentering. Hulle sal apostels wees. Nou begin die program van Sy werk. Die bergrede word uitgespreek. Jesus spreek in gelykenisse (die nuwe metode van Sy Onderwys). Hy gee Sy disiepels privaat onderrig. Jesus se houding tot Sy disiepels word inniger. Die uitsending begin. Twee-twee, d.w.s. hulle moet leer om saam te werk, gaan hulle in die dorpe van Galilea en Judea.

Nou is hulle apostels (gesante) om aan die diep bedorwe wêreld die boodskap uit te dra dat daar 'n ander Koninkryk is. Hulle reis was 'n oorwinningstog, bose geeste word uitgedrywe, siektes en sorge wyk in Jesus Naam.

Die groot krisis gaan nou aanbreek. As daar ongeveer 5,000 mense saamdrom in Galilea om van Jesus leiding te kry,

dan spreek Jesus hulle toe en voed hulle met enkele brode en enige visse.

Hier wou hulle Jesus koning maak. Die ou aardse verwagtinge kom weer na bowe. Jesus egter laat die disiepels in die skip klim en beveel die skare om uitmekaar te gaan. Net maar twee dae later wou hulle Jesus weer koning maak in die sinagoge te Kapernaum. (Joh. 6: 15, 6: 59).

Jesus laat in Sy rede duidelik verstaan dat Hy nie gekom het om aardse politieke ideale te verwesenlik, maar om met Sy vlees en bloed mense te voed tot die Ewige lewe.

Hierdie is die groot krisis vir die disiepels. Die groot verlating begin. Die hele Galilea gaan Hom verlaat. Die Fariseërs en skrifgeleerdes verlaat Hom.

Ons kan sê die ontmoeting met die 5,000 en Jesus se rede in die Sinagoge te Kapernaum het maar net die brug gevorm om oor te stap na die tweede periode.

Tog ook in hierdie periode wil die disiepels maar nie Jesus se werk in ewigheidslig sien nie. Hulle sit maar vas in uitwendige opvattinge.

Tog begin hulle innerlike lewe al 'n verandering ondergaan. Hier te Cesarea Filippi vra Jesus só persoonlik aan Sy disiepels: Wat is die mense se opinie van My? Wat is julle opinie?

Petrus se antwoord is veelseggend: „U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Twee gedagtes bring Jesus nou navore:

(1) Daar moet 'n gemeente (ekklesia) kom.
(2) Die kruisdood wag vir Hom.

In hierdie tweede periode word die disiepels se liefde en geloo getoers.

In die Sinagoge te Kapernaum: Wil julle nie ook weggaan nie? Die toets vir hulle liefde. In Cesarea Filippi: Wie sê julle is Ek? Die toets vir hulle geloof.

Van nou af is Jesus ook baie met hulle besig. Die groot lyne word uitgestippel om hulle geskikte instrumente te maak vir die uitbreiding van Sy Koninkryk. Gaandeweg word die „eie ek" van die disiepels gesloop, en só word hulle voorberei vir Getsemané, Gabbata en Golgota.

Telkens vlam die adjudant-gedagtes maar weer op in hulle harte. Hulle sien nie die skaduwees van die Kruis wat op Jesus val nie (Luk. 18: 34, Matt. 25: 14).

Selfs aan die Paastafel sit hulle harte nog vol wêreldse gedagtes. Onder die breking van die brood en die uitgiet van die wyn, bring Jesus Sy Kruisdood duidelik onder hulle aandag.

Tog begryp hulle Hom nie, en vra: Here, waar gaan U heen?

Jesus neem hulle saam na Getsémané.

Hier eindig Jesus se sielsorg persoonlik vir hulle. Nou staan hulle sonder hoop, sonder hulp, sonder Meester.

Deur so'n nou poort moes hulle deurgaan om van hulle wêreldse ideale verlos te word.

Hulle kon nie glo in soiets as die oorwinning deur die Kruis. Kruis beteken in hulle gedagtewêreld, neerlaag, ondergang en vernietiging. Daarom het hulle hulle tot die einde toe versit teen die Kruis.

Maar wat ons harte tref dwarsdeur die periodes heen, is die geduld, vriendelikheid en liefde waarmee Jesus hulle teregwys, opvoed en lei. Hoe hoog en heilig staan Jesus in Sy sielsorg oor Sy disiepels vóór ons? (Lukas 9: 5, Matt. 17: 19, Joh. 14: 5.)

Die derde periode is die tydperk van die opstanding tot die hemelvaart, oor Pinkster heen en daarna.

Ons kan sê die tyd van die verskyninge is die laaste hand van sielsorg aan Sy disiepels. Watter diepgaande lesse het Hy hulle geleer in die periode?

1. Jesus leer hulle om mekaar lief te hê. Hulle is 'n gemeente, en Hy is hulle koning.
2. Jesus leer hulle om te hoop en te verwag. Hulle moet wag op die belofte van die Vader, want hulle sal die krag van die Heilige Gees ontvang. (Hand. 1: 4, 8.)
3. Hulle moet by die Bybel leer lewe. Die verskyninge hou op, maar hulle moet leer lewe uit die Skrifte. (Lukas 24: 45.)
4. Hulle moet geestelike gemeenskap met Hom oefen deur ernstige soek en vurige gebed. Alleen as Sy gelowiges Hom opreg en innig soek, sal Hy op geestelike wyse in hulle midde woon, en nooit van hulle weggaan nie.

Die verskyninge is die oorgang van Sy liggaamlike teenwoordigheid en Sy geestelike teenwoordigheid deur die geloof.

5. Jesus wil hulle leer werk. Die gelykenisse van die talente en ponde wys daarop. Gaan predik die Evangelie aan al die nasies. So moet hulle gaan werk tot op die dag van Sy wederkoms ten oordeel.

Sy disiepels moet wees doelbewuste lewende medewerkers in Sy ewige Koninkryk.

Wat beteken dit nou alles?

Ons sien hoedat Jesus met Sy disiepels omgegaan het, en hoe Hy Sy sielsorg oor hulle uitgeoefen het.

Die disiepels was vol van misvattinge. Hoe moeilik was dit vir die Heer om hulle vooruit te bring op die regte weg.

Dit is vir alle sielsorgers, medewerkers vir Gods koninkryk 'n troos dat alleen voortdurende geduldige sorg en liefde die mens vir Gods ewige dinge vatbaar kan maak. Ons moet nie oorhaastig wees nie.

Netsoos Jesus in tye van depressie, moedeloosheid en leegheid hulle nie losgelaat het nie, só moet ons in ons sielsorg dit ook nie doen nie.

Wat is vir ons die aangewese weg? Die aangewese weg is om eers disiepels, d.w.s. leerlinge te wees aan Jesus voete, om dan daarna uit te gaan as medewerkers vir Sy heerlike Koninkryk.

Mag hier die uiteensetting van die verhouding van Jesus tot Sy disiepels, oor vir baie Evangeliedienare en werkers en werksters in Gods Koninkryk, as 'n ligstraal dien, as 'n rigtingwyser, as die groot liglyne, waarlangs ons moet beweeg in die werk van die Groot Meester.

Mag dit vir ons tot 'n seën wees!

F. J. Z. BOOYSEN.

Roodepoort,
5 September 1947.

CHRISTIAAN LOURENS ENGELBRECHT EN MARIA CATHARINA DU PLESSIS.

Christiaan Lourens Engelbrecht is op 16 Augustus 1863 gebore en was die tweede seun van wyle ouderling G. J. Engelbrecht wat in die dae van die Republiek volksraadslid van Standerton was, en van Christina Johanna Sophia Dreyer, 'n dogter van Christiaan Lourens Dreyer, een van die eerste Voortrekkers in Natal en wat later op die plaas Kraalkop, distrik Potchefstroom gewoon het, waar hy veldkornet van die Gatsrand was.

Hy het in 1873 met sy ouers na die Standertonse wêreld getrek waar hy in 1884 getroud is met Maria Catharina du Plessis. In September 1911 het hy hom in die distrik Lichtenburg gevestig en is in April 1912 daar as ouderling bevestig. Hy was een van die eerste persone wat die gemeente De la Rey help organiseer het, en hy was dan ook 'n staatmaker vir die Kerk en het trou as ouderling gedien ook toe hy vir twee jaar lank blind was. In 1940 het hy na Greylingstad verhuis waar sy eggenote hom in 1942 ontval het. Op 12 Maart 1847 het hy self die ewige ruste ingegaan in die geseënde ouderdom van byna vier-en-tagtig jaar. Sy nagedagtenis sal tot seën strek.



DIE OU DOOPVONT VAN POTCHEFSTROOM.

Hierdie ou doopvont van die gemeente Potchefstroom wat tans onder my bewaring berus om later in die kerkmuseum geplaas te word, moet deur iedereen wat belangstel in onse kerklike oudhede, met eerbied beskou word. Dit is baie oud, ten minste vir Transvaal, en is nog uit die dae van ds. Van der Hoff afkomstig. Dit kan vry seker aangeneem word dat dit reeds vanaf 1866 met die inwyding van die teenswoordige kerkgebou te Potchefstroom gebruik is, en dit is nie onmoontlik dat dit voor die tyd ook nog in die ou kerkgebou wat in 1851 gebou is, diens gedoen het. In later jare onder ds. C. W. du Toit is dit deur 'n ander doopvont vervang. Dit is deur een van ons ou mense vervaardig, en die getal kinders wat hieruit gedoop is, moet baie groot wees, en dit is dan ook een van die mees belangrike kerklike oudhede wat bewaar gebly is. Ds. Van der Hoff het sy laaste doopbediening hieruit verrig toe hy op Sondagmiddag, 2 Oktober 1881, nog 50 kinders gedoop het. Hy was toe al so swak dat hy byna nie meer na die kerk toe kon loop nie, sodat ouderling H. J. Visser 'n stoel moes saam dra waarop hy telkens kon gaan sit. Op die preekstoel moes hy, terwyl hy gepreek het, op 'n stoel gesit het waaronder die kerkraad planke geplaas het sodat dit hoog genoeg was. 'n Week later, op 9 Oktober 1881, is hy oorlede.

S.P.E.



DIE BROODSKOTTEL VAN DIE OU NAGMAAL-SERVIES VAN RUSTENBURG.

Hiernaas plaas ons 'n portret van die broodskottel wat deel uitgemaak het van die nagmaalservies wat diaken Wm. Robinson op 16 Junie 1860, aan die gemeente van Rustenburg geskenk het. Die broodskottel is van tin, maar die twee bekers en twee borde was van silwer. Hierdie broodskottel word vir die toekomstige kerkmuseum bewaar, en as daar iemand is in Rustenburg of miskien in die gemeente Swartruggens wat weet wat van die silwer bekers en borde geword het sal ons dit graag verneem, en moeite doen om dit by die broodskottel te voeg sodat dit later in die kerkmuseum een geheel kan vorm.

Miskien is daar persone wat ander voorwerpe het wat geskik sou wees om in die kerkmuseum geplaas te word, en as hulle dit vir hierdie doel wil afstaan wil ek dit graag vir voorlopige bewaring ontvang. Daar het baie van ons kerklike oudhede reeds verlore gegaan, en ons moet toesien dat die wat nog oor is, bewaar bly.

S.P.E.



DIE NAGMAALSERVIES VAN DIE DORSLANDTREKKERS.

Ds. W. P. van der Merwe, van Parys,, het in die Hervormde Teologiese Studies van Junie 1946, 'n belangrike artikel gepubliseer oor „Die Kerk onder die Dorslandtrekkers". Hierdie artikel sal 'n bron bly by die bestudering van die geskiedenis van die Hervormde Kerk in daardie geweste van Afrika. Op newensgaande foto vind die leser die nagmaalservies van die ou Dorslandtrekkers. Hulle het dit vanmelewe in Mossamedes kort na hul aankoms gekoop, en dit is al die jare gebruik, en is met die verhuising na Suid-Wes saamgeneem, vanwaar ds. C. S. v. H. Steenekamp dit 'n paar jaar gelede saamgebring het en aan my oorhandig het. Die plan hiermee is om dit in die kerkmuseum te plaas wat na ons hoop in die geboue gehuisves sal word wat die Algemene Kerkvergadering van plan is om hier in Pretoria op te rig.

Die nagmaalservies bestaan uit twee groot glas kraffe en twee glas bekers. As voorwerpe in 'n kerklike museum sal dit ongetwyfeld baie belangstelling wek.

S.E.P.

OUDERLINGE EN DIAKENS IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK.

Wat is die doel van die Kerkraad? Sodat alles eerlik en ordelik kan geskied, word die mag van die gemeente, wat oorspronklik by Christus berus nie deur die gemeente in haar geheel nie, maar deur 'n Raad van enkele persone, die Kerkraad genoem, uitgeoefen. Die Kerkraad bestaan uit die Bedienaar van die Woord of Lerende Ouderling of Predikant wat alleen die reg het om die Woord in die openbare samekomste van die gemeente te verkondig en die Sakramente te bedien. Die rede hiervoor is omdat die bedienaar van die Woord volgens die Bybelse ordonnassie daartoe bekwaam gevind is, en verder omdat hy daartoe werklike beroepte is volgens Bybelse ordonnansie, en dus deur *God Self* geroepe is.

Verder bestaan die Kerkraad uit die ouderlinge wat saam met die bedienaar van die Woord toesig moet hou oor die gemeente en die gemeente moet regeer.

Die ouderling is 'n *opsiener*.

Hy het *opsig* oor die gemeente. Sy plig om die gemeentelede in hul huise te besoek. Daar moet hy navraag doen aangaande hulle sedelike, godsdienstige en geestelike lewe. Hy moet let op die bywoning van die openbare ere-dienste en die gebruikmaking van sakramente.

Jaarliks word daar 'n verslag van die gemeente voor die Ringsvergadering gelê. In hierdie gemeente-verslag word navraag gedoen oor die getroue kerkbesoek van kerkraadslede. Die bedoeling is dat hulle aan die gemeente 'n voorbeeld moet gee en as hul by die kerk is, moet hulle ook toesien welke lidmate in hul wyke die ere-dienste swak of heeltemal nie besoek nie. Hulle moet ook toesien dat die lidmate in hul wyke die Heilige Nagmaal bywoon. Tydig en ontydig moet hulle aanspoor en vermaan sodat die lidmate kan opgaan na die Huis van die Here. Daarom het 'n Ringsvergadering onlangs eenparig besluit dat 'n ouderling minstens elke drie maand die huisgesinne van sy afdeling moet besoek, veral voor 'n nagmaalsviering. Hierdie besoeke is nog behalwe die jaarlikse besoek saam met die predikant.

Die ouderling moet homself op hoogte stel hoedat die verhoudinge van die lidmate onderling is. As daar onenighede kom,

tree hy op as bemiddelaar om die goeie gesindheid onderling te herstel. En as hy nie slaag nie, kan hy altyd die hulp van die predikant of iemand anders inroep. In sy afdeling moet hy die instrument van Christus wees ter bevordering van die Christelike verdraagsaamheid in elke huis en hart. Hy moet vermaan en teregwys, hy moet bemoedig waar nodig, hy moet aanspoor tot heilige lewe. Hy is tot hulp van die swakkes en wankelendes.

'n Ander groot taak wat op die ouderling rus, is om die krankes te besoek. Hiervoor het hy besondere genade nodig. So regeer die ouderlinge saam met die Bedienaars van die Woord in die kerk. Maar in dié regering is daar geen dwang nie en ook geen oorheersing nie. Wat 'n moeilike maar tog verhewe taak is daar nie aan die ouderlinge opgedra nie! Hy wat met liefde en toegewydheid hierdie roeping aanvaar, en met getrouheid uitvoer, verrig 'n groot diens teenoor sy naaste, maar bo-al is hy 'n dienskneg van die Hoof van die gemeente, nl. Christus deur Wie hy eenmaal, omdat hy oor weinig getrou was, oor veel aangestel sal word.

En ons diakens waarvoor is hulle daar? In ons kerk is hulle werk in twee afdelings verdeel: Hulle doen armversorging, en doen die insameling van die fondse waarmee die ere-diens instand gehou word.

In die begin het die apostels die versorging van die armes waargeneem. Volgens Handelinge 4 vs. 34 het die gelowiges wat grond of huise besit het, dit verkoop en die geld na die apostels gebring, en hulle het aan elkeen uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. Gou egter het dit geblyk dat dit teveel vir die apostels was om hierdie werk by hul belangrikste werk te doen. Toe het hulle die gemeente bymekaar geroep en voorgestel om diakens vir daardie afdeling van die werk te kies. Hulle beweegrede het hulle in Handelinge 6 met hierdie woorde gegee:

> „Dit is nie reg dat ons die Woord van God nalaat om die tafels te bedien nie."

Die formulier stel dit met hierdie woorde: „sodat die apostels in die gebed en in die bediening van die Woord deste beter kon volhard." Die sewe wat gekies moes word, moes manne van goeie getuienis wees, en vol van die Heilige Gees en wysheid.

Merk u watter eienskappe 'n armversorger van die kerk moet hê? Die versorging het ook weer twee sye: Versameling en uitdeling.

Die diaken moet die middele vind waarmee di armes gehelp moet word. Hy moet weet wie die armes is, waar hulle woon, wat hulle nodig het en wat hy vir hulle kan doen.

Die insameling moet op 'n Skriftuurlike wyse gedoen word. Die begeerte moet in die gemeente bestaan om goed te doen aan die armes. In die Ou Testament word baie voorskrifte gegee hoe om ons armes te versorg. Die Mosaïese-wetgewing en Spreuke wys ons op ons pligte teenoor die armes. In die Nuwe Testament en die geskiedenis van die vroegste Christendom word die ,,Diens van Barmhartigheid" as 'n groot voorreg van die gemeente beskou. Die insameling moet met tak en beslistheid gedoen word. Niemand mag oorgeslaan word by die insameling nie. Die rykes en gemiddeldes moet hulle deel bydra, maar dis die voorreg ook van die arme om sy of haar deeltjie by te dra. In ons gemeentes kry ons vier keer in die jaar die geleentheid om 'n bydrae vir die armes van die gemeente te bring. As ons nagmaal gebruik dan sien ons die tekens van die grootste barmhartigheid wat God aan ons, sondare, bewys het, nl. toe Hy sy Seun aan die Kruis gegee het, om al ons skuld by God te betaal. Hiervoor moet ons God tot in ewigheid dank. Uit dankbaarheid volg ons dan Sy bevele op ,,Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is." In hierdie hartsgesteldheid dink ons dan aan die minderbevoorregte en deur 'n bydrae volgens ons gewete onder 'n doek in te skuif, bewys ons liefdadigheid op só 'n wyse dat ons linkerhand nie weet wat die regter doen nie. As ons dit doen sal dit nie nodig wees om verdere insamelinge vir die armes te doen nie. Langs hierdie weg keer ons terug na die weg van die insameling volgens die Bybel, nl. dat die offergawe deur onsself gebring moet word na die tempel. As die gelowiges weer dit sou wou doen met hul offergawe vir die instandhouding van die kerk en erediens, dan sal die diaken weer tyd vind vir die Diens van Barmhartigheid, en ook die ouderling en predikant sal tyd vind om hulle elke dag te bepaal by die groot geestelike werk waarvoor hulle geroep is.

Die tweede deel van die Diens van Barmhartigheid bestaan in die uitdeling. Dit is 'n fyn werk. Dit moet hier nie net wees voorsiening in stoflike nood nie, maar soos die formulier tereg opmerk — die christelik-godsdienstige moet daarby wees. Die arme moet nie sy aalmoes hier of daar gaan haal nie. Dit moet hom of haar nie minagtend toegewerp word nie. Nee — dit

moet gegee word met 'n bewoë en toegeneë hart. Dit moet nie net uiterlike gifte wees nie, maar ook trooswoorde uit die Heilige Skrif. Hierdie dieper geestelike in die uitdeling kan alleen gedoen word deur iemand wat sig in liefde toewy aan Christus en Sy gemeente op aarde. Armversorging — nes alle goeie werke is alleen die vrug van die geloof van die Christelike gemeente. Armversorging op sigself, nes al die ander goeie werke, kan ons nie die saligheid gee nie. *Hiervoor is die Genade van Christus nodig.* Iemand wat nie soos Maria die kostelike nardus vir Christus en die verkondiging van Sy dood en begrafnis oor het nie, mag hom nie soos Judas oor die armes bekommer nie. Ons versorging van die armes moet en mag nooit gestel word teenoor ons verpligtings in verband met die Liggaam van Christus, nl. Sy gemeente. Daarom kan armversorging net gedoen word deur iemand wat vol is van die Heilige Gees en Wysheid wat van bo is. Só 'n lewe moet gedrae word deur die opregte gebed en gesonde kerklikheid. Ook die susters van die gemeente wat hierdie eienskappe vertoon het, het van die vroegste tye af soos Dorkas met teerheid die Diens van Barmhartigheid verrig. Volgens die Bybel moet diakens en susters hierdie mooi werk verrig.

Wat die insameling vir die instandhouding van die erediens betref, word daar nie in die bevestiging-formulier melding van gemaak nie. Tog is dit 'n groot werk wat die diakens verrig. In die vroegste tye van die kerk was hulle ook al hiermee besig. Calvyn skryf in sy werk, die ,,Institusie" as volg: ,,Dit was ook in dié tyd (d.w.s. voor die Pousdom) nie anders gesteld as onder die Apostels nie. Want hulle het die daelikse gawes van die gelowiges ontvang, en die jaarlikse rente en inkomste van die kerk om dit reg te bestee, nl. 'n deel aan die Dienare te gee en 'n ander deel tot onderhouding van die armes te gebruik. Die Konsielie van Antiogië het ook bepaal dat die Biskoppe saam met die ouderlinge en diakens moet besluit oor die goedere van die kerk. Verder help die diakens by die Nagmaalsviering deur die Tafel in gereedheid te bring en die beker te oorhandig. Dis 'n *versiering* van hulle amp.

Die diaken-amp is 'n moeilike maar uiters belangrike amp. Wie is instaat om so'n moeilike amp getrou te vervul?

Hierop kan ons antwoord: ,,Ons bekwaamheid is *uit God.*

Ds. L. M. LE ROUX Turffontein



DR. K. H. E. GRAVEMEYER.

Die besoek wat dr. K. H. E. Gravemeyer namens die Ned. Hervormde Kerk van Nederland aan onse Ned. Hervormde Kerk gebring het, behoort tot een van die uitstaande geskiedkundige gebeurtenisse van die laaste jare. Dit is nie nodig om hier te beklemtoon wat die Hervormde Kerk aan Holland verskuldig is nie. Iedereen wat op die hoogte is met die geskiedenis van ons Kerk, weet dit. En die Hervormde Kerk besef dit dat waar ons in die verlede nie sonder die steun van Holland kon klaar kom nie, ons in die toekoms hierdie steun ook nie kan of wil mis nie, want dit sou geestelike selfmoord beteken as ons ons van Holland sou wil gaan isoleer. As daar voorstanders van so 'n isolasie sou wees,, dan is hulle dit enkel en alleen uit blote onkunde. Trouens dit is nie verniet dat in ons kerklike Wet in Aanhangsel C, bls. 87, die volgende gevind word nie:

> Aangesien die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika voortgespruit het uit die Nederduits Hervormde Kerk van Nederland en van daardie Kerk altyd hulp ontvang en aangeneem het, is dit die begeerte van die Algemene Kerkvergadering dat die band en goeie verstandhouding wat in die verlede altyd tussen die twee Kerke bestaan het in stand gehou en versterk word.

Die Hervormde Kerk spreek dit in hierdie wetsbepaling uit dat dit die begeerte is dat die band tussen die Hervormde Kerk van Holland en die van Afrika versterk moet word. Maar, by 'n begeerte mag dit nie bly nie, tot dade moet oorgegaan word, en die koms en verblyf van dr. Gravemeyer is een van die beste handelinge om tot dade oor te gaan. Daar is 'n program opgestel wat verwesenlik moet word. Ons moet nie alleen Nederlanders hier verwelkom nie, maar ons moet bly voortgaan om van ons studente wat hier afgestudeer het, na Holland te stuur. Ons kan ook nie die Nederlandse teologie hier mis nie. Dit sal nog baie jare neem voordat ons teologies op ons eie bene kan staan.

Geen Christelike Kerk mag hom isoleer nie. Ons bely elke Sondag in ons bedehuis 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeeskap van die heiliges. En telkens as ons dit uitspreek, dan spreek ons dit uit dat ons alle kerklike isolasie veroordeel. Die Hervormde Kerk moet aanraking soek met die ander Christelike Kerke van die wêreld, want ons is alger tesame die een heilige algemene Christelike Kerk. En waar kan ons buite die grense van ons eie land die kontak met ander Christelike Kerke beter onderhou dan juis met die Hervormde Kerk van Nederland, die Moederkerk van ons Afrikaanse Hervormde Kerk?

Dr. Gravemeyer was die middel in Gods hand om hierdie kontak weer lewendiger te maak en te versterk. Sy verblyf onder ons was vir ons 'n seën. Met tak, die tak van 'n groot mensekenner, het hy te werk gegaan. Vol warmte en geesdrif het hy die Evangelie onder ons gebring, en in grotere en kleinere kringe ons toegespreek. Hy het ons meer bekend gemaak met die ontsettende lye van die ou Nederlandse Volk gedurende die verskriklike oorlogsjare, en met die kragtige getuienis van die Nederlands Hervormde Kerk in daardie tyd van verdrukking. Die lye was vir die kerk 'n loutering, en aan die kragsontplooiing van die Hervormde Kerk het dr. Gravemeyer 'n groot aandeel gehad. Hy was die kragtigste figuur wat leiding gegee het, en onverskrokke het hy as 'n getuie van Jesus Christus gestaan. Al hierdie dinge kan ons lees in die twee lywige boekdele van H. C. Touw: Het verzet der Hervormde Kerk.

Ons is dankbaar dat die Hervormde Kerk van Nederland dr. Gravemeyer na Suid-Afrika gestuur het. 'n Unieke gebeurtenis, want soiets het sedert die aanleg van die Kaap deur Jan van Riebeeck in 1652, nog nooit gebeur nie. Maar nou moet ons sorg dat dit nie net by hierdie een besoek bly nie. Ons moet sorg, en van Nederlandse en van Suid-Afrikaanse kant, dat die samesprekings tussen dr. Gravemeyer en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering nie net by samesprekings bly nie, maar dat dit uitgevoer word, want dan sal die goeie vrugte nog baie jare lank gesien word.

Ons reik die ganse Nederlandse Hervormde Kerk, ons ou Moederkerk, die hand. As dit haar goed gaan dan is ons innig verblyd, maar haar smarte is ook ons smarte. Die Hervormde Kerk van Nederland het nog 'n groot roeping op aarde; die hele Christelike Kerk het 'n roeping, en ook ons. Ons kan mekaar help in ons taak om in die sondige wêreld te getuig as ons ook geestelik mekaar bystaan en steun. Die ongeloof van die wêreld en die bygeloof van Rome steek die kop uit, en die stryd wat op hande is sal 'n swaar stryd wees. Laat ons hierin mekaar help, laat ons die eenheid in Christus soek en vind, en laat ons besef die grotere geheel waarvan ons deel uitmaak: die een heilige algemeen Christelike Kerk.

S.P.E.

WYLE OUDERLING TOBIAS JOHANNES MULDER.

In die Almanak van 1946 kom op bls 53 'n portret voor van wyle ouderling Tobias Johannes Mulder, gebore 5 Julie 1857 en oorlede op 20 Desember 1936. Ons gee hier die volgende aanvullende verbetering:

Hy was tweekeer getroud, die eerste keer met Cecilia Johanna Vorster, 'n dogter van Martinus Wessel Vorster van Swartkop, distrik Krugersdorp. Uit hierdie huwelik is vier kinders gebore. Na haar dood is hy vir die tweede keer in die huwelik bevestig met Francina Stoop, dogter van A. A. Stoop.

DIE BELYDENISSKRIFTE VAN ONS KERK.

Elke Kerk moet 'n vaste Belydenis hê. Net soos 'n mens van 'n vlag kan aflei watter land en nasie dit verteenwoordig, net so kan 'n mens van die Belydenisskrifte aflei met watter Kerk jy te doen het. Die Belydenis is die vlag waaraan die Kerk herken kan word.

Belydenisskrifte is kort-saamgevatte waarhede uit die Bybelgeskrifte wat in kort die hoofwaarhede van die Bybel daarstel. 'n Belydenisskrif moet dus getoets word aan die Bybel, en as dit ooreenstem met die Bybel, dan is dit die geldige Belydenis van die Kerk, waarmee elke lidmaat instem. Die Belydenisskrifte bly geldig en waar, totdat iemand kan bewys dat hulle strydig met die leer van die Bybel is.

Watter Belydenisskrifte onderskryf die Ned. Hervormde Kerk? Drie. Artikel een van ons Kerkwet stel dit so: „Die Kerk grond hom op die Bybel as die Woord van God; sy belydenis is uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, naamlik die 37 Artikels van die Nederlandse geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, soos in 1618 en 1619 Dordrecht vasgestel."

Hierdie drie Belydenisskrifte is dus in 1618–1619 op die Nasionale Sinode te Dordrecht vasgestel. Die ou Vaders het dit genoem die „accoord van Kerkelijke gemeenschap". Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus het hul ontstaan egter lank voor hierdie Nasionale Sinode gehad, terwyl die Dordtse Leerreëls eers daar opgestel is.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Hierdie belydenisskrif is die oudste van die Drie Formuliere van Enigheid. Guido de Bres, 'n Nederlandse predikant, was verantwoordelik vir die opstel daarvan. In die Latyns word hierdie Belydenisskrif genoem: Confessio Belgica. De Bres het dit in 1561 opgestel in die Franse taal, en in 1562 is dit in Hollands vertaal.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis bestaan uit 37 Artikels, was as volg verdeel is:[1])

1. Dat daar 'n enige God is.
2. Die middels waardeur ons God kan ken.
3. Oor die geskrewe Woord van God.
4. Die Kanonieke Boeke van die H. Skrif.
5. Die gesag en aansien van die Bybel.
6. Onderskeid tussen die Kanonieke en Apokriewe Boeke.
7. Volkomenheid van die Bybel om alleen 'n reël van die geloof te wees.
8. Dat God enig in wese is en nogtans in drie persone onderskeie is.
9. Die bewys van die drieheid van persone in *een* God.
10. Dat Jesus Christus waaragtig en ewige God is.
11. Dat die Heilige Gees waaragtige en ewige God is.
12. Oor die Skepping van alle dinge en met name van die engele.
13. Oor die Voorsienigheid van God en die regering van alle dinge.
14. Oor die skepping en val van die mens en sy onvermoë tot die ware goed.
15. Oor die Erfsonde.
16. Oor die ewige verkiesing van God.
17. Oor die wederoprigting van die gevalle mens.
18. Oor die menswording van Jesus Christus.
19. Oor die vereniging en onderskeid van die twee nature van Christus in een persoon.
20. God het Sy regverdigheid en barmhartigheid bewys in Jesus Christus.
21. Oor die voldoening van Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester, vir ons.
22. Oor ons regverdigmaking deur die geloof in Christus.
23. Dat ons regverdigmaking bestaan in die vergewing van sondes en die toerekening van die gehoorsaamheid van Christus.
24. Oor die heiligmaking van die mens en die goeie werke.
25. Van die wegval van die seremoniële wet.
26. Oor die enige voorbidding van Christus.

[1]) Dr. J. J. van Toornenbergen: Die Symbolische Schrijften, Bls. 65.

27. Oor die algemene Christelike Kerk.
28. Dat elkeen hom by die ware Kerk moet voeg.
29. Oor die onderskeid en merktekens van die ware en valse Kerk.
30. Oor die regering van die Kerk deur Kerklike ampte.
31. Oor die Dienare, Ouderlinge en Diakens.
32. Oor die orde en die tug van die Kerk.
33. Oor die Sakramente.
34. Oor die Heilige Doop.
35. Oor die Heilige Nagmaal van onse Here.
36. Oor die amp van die Owerheid.
37. Oor die laaste oordeel.

Die ou opskrif bo hierdie artikels is: „Ware Christelijke Belijdenis, inhoudende de hoofdsom der leer van God en der eeuwige zaligheid der zielen." Baie artikels in hierdie formulier behandel dieselfde sake as die Heidelbergse Kategismus.

Die Heidelbergse Kategismus.

Op versoek van koning Frederick III, Keurvors van die Paltz in Duitsland, waarvan die hoofstad Heidelberg was, is die Heidelbergse Kategismus in die jaar 1563 opgestel. Twee teoloë van Heidelberg, nl. Ursinus en Olevianus, was verantwoordelik vir die werk. Die Kategismus is niks anders nie as net 'n onderwysing in die Christelike leer. Die Heidelbergse Kategismus bestaan uit 129 vrae en antwoorde, met skriftuurplekke onder elke antwoord, om te bewys dat die leer van die Kategismus uit die Bybel kom. Die „Kort Begrip" wat ons in ons klasse vir aanneming gebruik is 'n verkorte vorm van die Heidelbergse Kategismus. Die 129 vrae en antwoorde word in die hoofdele verdeel:

A. Oor die *ellende* van die mens.
B. Oor die *Verlossing* van die mens.
C. Oor die *Dankbaarheid* van die mens.

A. Vrae 3–11 handel oor die mens se ellende.
B. Vrae 12–85 handel oor die Verlossing. Hierdie groep word onderverdeel in die volgende:

Vrae 12–25 — Verlossing.
„ 26–28 — Oor God die Vader en ons skepping.
„ 29–52 — Oor God die Seun en ons verlossing.
„ 53–64 — Oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.
„ 65–68 — Oor die Sakramente.
„ 69–74 — Oor die Heilige Doop.
„ 75–85 — Oor die Heilige Nagmaal.

C. Vrae 86–129 handel oor die dankbaarheid. Hierdie groep word onderverdeel in die volgende:
Vrae 86 — inleiding.
„ 92–115 — Oor die wet van die Heer.
„ 116–129 — Oor die gebed.

In hierdie skat van 'n erfstuk het ons dus feitlik al die groot onderwerpe waaroor die Bybel handel. Dit is byna 'n kort, praktiese naslaanwerk.

Die Vyf Dordtse Leerreëls.

Hierdie reëls of leerstukke is op die Nasionale Sinode van Dordrecht opgestel en aanvaar as geloofsreël. In die jare 1603–1609 was daar 'n groot stryd in die Nederlandse Kerk tussen twee predikante, nl. Gomarus en Arminius. Die stryd het veral gegaan oor die leer van die Uitverkiesing.

Die Kerk is so verdeel in twee kampe, nl. die Arminiane en die Gomariste. Dit het so voortgeduur tot die Sinode van Dordrecht byeen gekom het. Hierdie vyf leerreëls is die antwoord van die Sinode op die strydpunte. Die Arminiane is in die ongelyk gestel. Op 6 Mei 1619 is dit voorgelees aan die sinode. Dit bestaan uit die volgende:

Hoofstuk I: Oor die Goddelike verkiesing en verwerping.
„ II: Oor die dood van Christus en die verlossin van die mens deur Hom.
„ III-IV: Oor die mens se verdorwenheid en die bekering tot God, en die manier van bekering.
„ V: Oor die volharding van die heiliges.

Na elke hoofstuk volg daar 'n verwerping van die dwaalleringe in verband met die leer.

Van hierdie drie Formuliere van Enigheid is die Heidelbergse Kategismus di bekendste en die belangrikste — die bekendste, omdat byna al ons lidmate dit in die Kort Begrip moes leer vir die aflegging van hul geloofsbelydenis — die belangrikste, omdat die Kerkwet bepaal dat die predikante twaalfkeer per jaar daaruit moet preek. Watter waarde het hierdie Formuliere van Enigheid?

Dit is is byeenversameling van die waarhede uit die Bybel wat betrekking het op sekere leerstukke. Hulle is net van krag in sover hulle ooreenkom met die woord van God. Die Skrif word maklik verdraai en verkeerd verstaan — en as 'n mens die Belydenisskrifte goed ken, dan help dit baie om die Bybel reg te verstaan. Veral in ons tyd — die tyd van afdwaling van die Kerk en die oorloop na sektes en Nuwe Kerke, is dit dringend noodsaaklik dat ons lidmate, veral ons jonger mense, weer ernstig moet kennis maak met hierdie belydenisskrifte, veral met die Heidelbergse Kategismus. Daar is 'n neiging om die leer van die vrae nie meer te ernstig op te neem nie. En daarom loop ons so maklik „enige wind van lering" na. Dit is 'n gevaarteken in ons Kerk. In die Heidelbergse Kategismus kry 'n mens antwoorde oor allerlei strydvrae — nie soos die mens meen nie, maar soos die Bybel dit stel. Daar moet weer liefde kom vir die leer van die vrae en die Kategismusprediking. Dit is die enigste vastrapplek teen die verleiding van sektes. Ons jongmense moet erns maak met die leer van die vrae; hulle moet nie tevrede wees as hulle net 'n paar ken nie — ons doel moet wees om almal te ken — hoe meer ons kennis in dié verband is, hoe sterker staan ons teen allerlei dwalinge. So vermaan Paulus dan ook vir Timotheus: „Let op jouself en op die leer" — 1 Tim. 4: 16.

G. J. J. R.

SYA JACOBA VAN DER HOFF, GEB. BOTBIJL. 1788–1862.

Ds. Dirk van der Hoff het uit 'n aansienlike familie gestam. In die jaar 1702 het Dirk Denijs die amp van „schepen" in Batavia beklee, d.w.s. 'n funksie by die regbank, en die familiewapen kom in De Indische Navorscher van Maart 1939 voor. Ds. van der Hoff self is in Dordrecht gebore, en sy ouers was Pieter van der Hoff en Sya Jacoba Botbijl. Hy was altyd 'n vriend van Transvaal en van die Transvalers, en het hom steeds vir 'n immigrasie uit Nederland beywer, want hy het die betekenis daarvan vir die jong Republiek besef. In Oktober 1858 het hy 'n lang stuk opgestel „Een Woord tot aanmoediging voor Landverhuizers naar de Zuid Afrikaansche Republiek door een Hollander die reeds geruimen tijd in de Republiek woont". Hierdie geskrif is van groot belang as mens die maatskaplike toestande van daardie dae wil leer ken. Hy het ook sy familielede sterk aangeraai om na Transvaal te verhuis, en in sy briewe aan hulle het hy verskillende mededelings van die toestande gegee. So het hy in Januarie 1855 aan sy suster van die pastorie 'n beskrywing gee waarvan die volgende uittreksel bewaar gebly het: „De kerk is onlangs door eene muur of wal van 6 a 7 voet hoog omringd, en van schietgaten voorzien. In de wal is eene poort. De kerkdeur daartegenover. De deur binnen zijnde heeft men dadelijk den preekstoel, maar even boven den begane grond. De kerk met muren 16 voet hoog en rietdak, ruim 400 zitplaatsen.

„De pastorie vlak bij, een ruim breed huis, 4 vertrekken, provisiekamer of dispens, en kombuis of keuken. De voordeur inkomende ruim voorhuis of breede gang. In de kamers leemen vloer, met dierenhuiden belegd: leeuwen-, tijger, springbok-, blesbokhuiden, ook wel das-, luipaard, wildehond en wildekat vellen."

Verskeie van sy familie het sy raad gevolg. Die eerste was sy jongste broer, Martinus, wat in 1856 in Potchefstroom gekom het, en wat 'n bekende persoonlikheid geword het, en in later jare Potchefstroom in die Volksraad verteenwoordig het. Toe

in 1861 sy broer David met sy vrou ook na Transvaal gekom het, het sy ou moeder besluit om saam te kom om nog haar twee kinders in Transvaal te sien, want sy was baie aan hulle geheg, en wou veral ook Martinus, haar Benjamin nog 'n keer sien, want hy was nog nie eers een-en-twintig jaar oud toe hy sy ouere broer Dirk gevolg het. Haar naam was Sya Jacoba Botbijl, en sy is op 22 Februarie 1788 gebore en in 1810 met Pieter van der Hoff getroud, en die egpaar het in Dordrecht gewoon waar ses kinders gebore is. Die tweede kind was die latere ds. Dirk van der Hoff. Sy was iemand met 'n sterk wilskrag soos mens ook op haar portret kan sien, intelligent, beslis en geestig. Maar een oogspier was effens verlam, waarskynlik tengevolge van 'n kindersiekte.

Haar eggenoot was in 1861 reeds jare lank dood, en dit getuig van 'n ondernemingsgees toe sy op die leeftyd van drie-en-sewentig jaar besluit het om die moeitevolle reis na Potchefstroom te onderneem. Hulle het wel eersteklas gereis op die skip. „De Zaanstroom", maar so 'n reis met 'n seilskip was tog alles behalwe gemaklik en dit het lank geduur. Hulle is op 29 Junie 1861 uit Holland weg. Sy het die seereis goed deurstaan en was alleen een dag siek. Van Kaapstad is hulle met 'n skip na Durban en daarvandaan met 'n ossewa na Potchefstroom. Hierdie laaste deel van die reis was vol avonture. So het die ossewaens naby Harrismith 'n gevaarlike ontmoeting met 'n klomp leeus gehad. Op 1 Desember, dus na 'n reis van meer as vyf maande, het hulle op Potchefstroom aangekom en in die aand was hulle algar verenig in die pastorie van ds. van der Hoff, waar sy haar baie gelukkig gevoel het, soos sy aan haar oudste seun majoor P. van der Hoff in Holland, geskryf het. Haar gesondheid was goed, maar op 25 Januarie 1862 het sy skielik siek geword, „galkoors" soos die ou mense dit genoem het. Dit was so erg dat sy reeds vyf dae later, op 30 Januarie, oorlede is. Sy is op die kerkhof in Potchefstroom begrawe, en in Oktober 1881 is ds. van der Hoff langs haar begrawe.

S. P. E.

PIETER VAN DER HOFF.

Hy was die oudste broer van ds. Dirk van der Hoff, is op 9 Julie 1811 gebore en in 1880 oorlede. Hy was majoor in die Nederlandse leër, en daar bestaan van hom nog 'n paar briewe wat belangrike gegewens bevat oor die vroeëre geskiedenis van Transvaal en die Hervormde Kerk. Hy was getroud met Martha Johanna van den Byllaardt, oorlede 5 Desember 1918.

S. P. E.



JOHAN HEINRICH SCHEFFER EN HENDRINA MARGARETHA VISSER.

Johan Heinrich Scheffer, gebore 22 Mei 1851, is op 9 April 1877 getroud met Hendrina Margaretha Visser, gebore 19 Februarie 1860. Hy was een van die medestigters van die gemeente Ventersdorp in 1892 en lid van die eerste kerkraad. Een van sy seuns, Hercules Jacobus, was baie jarelank diakenkassier, en na sy dood is sy broer Johann Heinrich in sy plek as diaken gekies en dien nog steeds as sodanig. 'n Tweede diaken Johann Heinrich is 'n kleinseun van die oorlede ou vader.



NICOLAAS JACOBUS CAMPHER EN EGGENOTE.

Met die afsterwe van ouderling Nico J. Campher het 'n ware steunpilaar van die Kerk heengegaan, iemand van die ou stempel, 'n verteenwoordiger van 'n generasie wat besig is om te verdwyn. Hy is op 6 September 1873 op die plaas Kommandodrift gebore, en was die tweede oudste kind van Nicolaas Jacobus Campher en Johanna Christina Visser, 'n dogter van die bekende Jan Boomplaas, en is op 12 Oktober deur wyle ds. Van der Hoof gedoop. In 1877 het sy ouers na die plaas Palmietfontein verhuis. In 1896 is hy tot diaken gekies van Klerksdorp, dit was nog in die dae van ds. A. Lagerwey, wat predikant was van Heidelberg, Klerksdorp, Venterskroon en Wakkerstroom! En het onafgebroke lid van die kerkraad gebly — vanaf 1907 as ouderling aan sy dood op 1 Augustus 1946. As merkwaardigheid kan dan ook hier vermeld word dat hy en sy vrou nooit langs mekaar in die kerk gesit het nie, omdat sy plek altyd in die kerkraadsbanke was.

